# HOOFSTUK IV.

## DIE HERVORMING EN DIE KONTRA-HERVORMING.

### 1. GRONDGEDAGTES VAN DIE HERVORMING.

Doumergue, die lewensbeskrywer van Calvyn, tipeer die Hervorming as „'n beweging wat deur die gewete in die lewe geroep is" 1). Die vryheid wat die Hervorming vir die mensdom verower het, is die hoogste vryheid: die vryheid van die gewete. Maar die gesag wat die Hervorming as soewerein erken is ook die hoogste gesag: die Soewereiniteit van God en die gesag van Sy Woord.

Die Humanisme het na intellektuele vryheid gestrewe omdat dit die rede as die hoogste in die mens beskou het. In sy godsdienstige lewe was die mens aan die gesag van die kerk verslaaf. En juis hierdie godsdienstige onvryheid het Luther as die knellendste gevoel, omdat dit die mens in die diepste van sy wese, die gewete, bind. Die kerngrond van die Hervorming is nie 'n revolusionêre verwerping van gesag, of 'n humanistiese bevryding van die rede nie, maar die dors van die menshart na versoening met God, na sielevrede, na versekerdheid van ewige geluksaligheid 2) - na vryheid vir sy gewete. Die magtige dryfkrag wat Luther onweerstaanbaar aangevuur het „was the spiritual necessity of personal reconciliation with God, a religious need so deeply felt that its satisfaction involved as matters of secondary import all the rest, rebellion against the old church with its infallible authority, the adoption of all the current popular demands of religious and ecclesiastical reform, as closely related ends, and of the principles established by the Renaissance as indispensable allies" 3). Die leer van die regverdigmaking deur die geloof in plaas van deur die kerk; die priesterskap

---

1. Doumergue : Calvijn in het Strijdperk, p.200.
2. Cf. Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, p.137.
3. Adams : Civilization during the Mid. Ages, p.433.

van die gelowiges - die persoonlike verhouding teenoor God, sonder die bemiddeling van 'n priester; die reg van selfstandige studie en interpretasie van die Bybel, in plaas van onvoorwaardelike onderwerping aan die „onfeilbare" 1) skrifverklaring van die kerk, het die diepste behoeftes en verlangens van die religieuse natuur bevredig 2), en die mens op godsdienstige terrein van die dwinglandy van kerk, pous en priesterstand bevry. Die godsdiens van die Middeleeuse kerk was 'n wetsgodsdiens, wat seremoniële dienste aan God, deur 'n bepaalde priesterdom verrig, verlang; die Hervorming het die godsdiens 'n saak van die hart gemaak, wat nie deur die priester as plaasvervanger van die gelowige verrig kan word nie 3). Die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges, sê Painter, verhef hul uit 'n toestand van slawerny tot die hoogste vryheid. „At one blow it breaks the bondage of the laity as it exists under the papacy.....Christians are not bound to an unquestioning submission (to their religious teachers), but test all instruction by the Word of God.... They are freemen in Christ" 4). Of, in die woorde van Kuyper, „Alleen wie zelf voor God en met God in gemeenschap staat, kan met glanzend wiekgeklap de vleugelen der vrijheid uitslaan" 5).

Hierdie vryheid kon die Protestant alleen verower ten koste van die gesag van die pous en kerk. Reeds in een van sy beroemde stellinge van 1517 het Luther die mag van die pous om sonde te vergewe ontken 6); later het hy die pous in die algemene konsilie van die kerk feilbaar verklaar 7); en in 1520 openlik rebellie aangekondig deur die pouslike bul van ekskommunikasie in die openbaar te verbrand. Nogtans, sê Painter, was die protes nie teen alle gesag nie, maar teen die wederregte-

1. Coulton, G.G.: „The Reformation" in Encycl.Britan., vol.19, p.36.
2. Cf. Painter : Luther on Education, pp.59-60.
3. Barth : Geschichte der Erziehung, p.304.
4. Painter : ibid., pp.60-1.
5. Kuyper : Het Calvinisme (Zes Stone-Lezingen), p.42.
6. Cubberley : Readings in the History of Education, p.232.
7. Adams : Civilization during the Middle Ages, p.436.

like uitoefening van gesag oor die Christelike gewete. Luther en sy geesgenote het eenvoudig na die Skriftuurlike beginsel, dat in geloofsake God gehoorsaam moet word, en nie die mens nie, teruggekeer. „The principle of the Reformers was not absolute liberty to do as we please - a doctrine that issues in social and ecclesiastical anarchy; it was freedom to obey the dictates of a conscience illumined by the word of God. This freedom, instead of leading to confusion, conduces to order. The Scriptures become its law; and in accordance with its teaching, every evil passion is restrained; honor is rendered to every rightly constituted authority, and discord is banished by brotherly love" 1). Op die eis van Keiser Karel V aan Luther, by die Ryksdag van Worms in 1521, om te herroep wat hy geskrywe het, was die antwoord: „Tensy dat ek uit die Heilige Skrif, of deur duidelike en onbetwisbare redes uit ander bronne.... kan oortuig word, kan ek en wil ek niks terugtrek nie... My gewete is 'n gevangene van Gods Woord, en niemand kan gedwing word om teen sy gewete te handel nie. Hier staan ek; ek kan nie anders nie. So help my God, Amen" 2). Uit die protes wat die Evangeliese Prinse by die Ryksdag van Spiers in 1529 ingedien het teen die dekreet waardeur die Rooms-Katolieke party die Hervorming wou onderdruk, spreek dieselfde beginsel van onderwerping aan die gesag van Gods Woord alleen: „Hierdie Woord is die enigste Waarheid; dit is die onfeilbare reël van leer en lewe, waarin ons nooit bedroë kan uitkom nie" 3). Painter wys daarop dat in albei verklarings die beginsel van sekulêre en kerklike gesag in geloofsake verwerp word. „The appeal is made from the Pope and the emperor to the <u>Word of God</u>, <u>or</u> to clear and convincing <u>reason</u>. With his conscience enlightened by Holy Scripture, the

---

1. Painter : Luther on Educ., pp.54-5.
2. Painter : ibid., 53-4.
3. Sien Painter : ibid., p.52.

individual man asserts spiritual independence, and his immediate responsibility to God alone" 1). Voor die soewereiniteit van God en die gesag van Sy Woord buig die Protestant hom, maar voor geen menslike gesag van pous, priester of kerk nie. Juis in onderwerping aan hierdie gesag vind hy die ware vryheid. Wanneer Luther sê: „Ein Christenmensch ist ein Herr über alle Dinge und niemand untertan" 2), dan is dit omdat die Christen deur Christus vrygekoop is en niemand vrees behalwe God alleen nie. Om die wil van sy Vader te doen is sy hoogste vreugde. Die krag van die Christelike vryheid sê Calvyn, is daarin geleë, dat ons vrygemaak is van die Wet, maar in ons gewete God moet bevredig 3). Die ware vryheid in geloofsake bestaan dus in gebondenheid aan God. Die heldemoed 4) waarmee Luther die titaniese stryd teen die magtige Roomse kerk aangebind het, in sy siel oortuig dat hy voor God nie anders kan en mag handel nie, is 'n monument vir die vryheid van die Christelike gewete in sy stryd teen onregmatige gesag in die godsdiens, en terselfdertyd 'n lewende bewys van die krag wat die gelowige uit onderwerping aan die enigste ware gesag, dié van God en Sy Woord, kan put.

Dit het gangbaar geword om die gevolgtrekking te maak dat die Hervormers deur hul beroep op die Bybel die beginsel van intellektuele vryheid in die godsdiens vasgelê het 5). Soms word hul ook verwyt dat hul weldra aan hul eie beginsel ontrou geword het 6). Van Rooms-Katolieke kant weer is die Hervorming vroeg en laat van subjektiwisme, individualisme en rasionalisme beskuldig, ja selfs as oorsaak van die Franse Revolusie bestem-

1. Painter : Luther on Educ., pp.54-5. (Onderstreping deur my).
2. Luther. Aangehaal deur Waterink : De Gesch.der Paed., p.534.
3. Calvyn : Institutie ofte Onderwijsinghe in de Christelicke Religie.III.19.2 en III.19.9, pp.479 en 482.
4. Cf.Painter : ibid., p.98.
5. Bv.Cubberley : The Hist. of Educ., p.295.
6. Bv.Adams : Civilization during the Mid. Ages, p.432.

pel 1). Waarheid is egter dat die Hervorming nooit die vryverklaring van die menslike rede beoog het nie, maar steeds alle gedagtes tot die gehoorsaamheid aan Christus gevange wou lei 2). Eerstens was die Woord van God vir al die Hervormers die finale gesag: vir Luther te Worms, vir die Protestantse prinse te Spiers, vir Calvyn in sy verdediging teen Sadolet se beskuldiginge. Tweedens geskied die interpretasie van die Bybel nie deur die menslike rede nie, maar by die lig van die Heilige Gees in die hart van die gelowige. In sy antwoord aan Sadolet sê Calvyn: „Die Christelike geloof mag nie op die getuienis van mense, op twyfelagtige opinies gegrond, of deur menslike gesag gesteun word nie; dit moet in ons harte gegrif word deur die vinger van die lewende God...... Daar is 'n God, wat ons verlig om Sy waarheid te ken, wat Hy in ons hart verseël deur Sy Gees 3). Die gelowige word dus deur 'n werklike ervaring, wat tegelykertyd in - en uitwendig is, van die waarheid van die Bybel oortuig, aldus Doumergue. Van 'n bedrieglike subjektiwisme is hier geen sprake nie. Wat die individualisme aangaan, Calvyn beoog nie wat Sadolet beweer, naamlik dat elkeen individueel die saligheid moet soek nie, maar stel veelmeer die eer van God as die doelwit van die Christen 4). Nie die vrye rede van die mens is die vertolker van die Skrif nie, maar die Gees van God wat hart en gewete van die ernstige soeker verlig. Intellektuele vryheid was dus nie 'n beginsel van die Hervorming nie, maar wel 'n onskatbare neweproduk 5). Die ware vryheid van denke bestaan vir die Protestant steeds in gehoorsaamheid aan die Woord van God (uitwendig) en die inspraak van die Gees van

---

1. Bv. Kardinaal Sadolet : Aangehaal by Doumergue : Calvijn in het Strijdperk, p.352, en Rombouts : Hist. Pedagogiek, Dl.I.pp.173-6. Sien ook G. Prinsterer : Ongeloof + Revolutie, pp. 106 vv
2. Landwehr, J.H.: „Hervorming" in Christelijke Encyclop., Bd.II, p.352.
3. Calvyn : Opuscules 163, 164. Opera V. Aangehaal deur Doumergue ibid., p.351.
4. Doumergue : Calvijn in het Strijdperk, p.352 en voetnoot.
5. Foster, H.D.: „Calvinists and Education." in Monroe : Cyclop. of Educ., Vol.I p.493.

God in sy gewete (inwendig).

Die vryheid van die gewete en die Soewereiniteit van God is egter nie tot die godsdienstige erf beperk nie, maar oorstraal elke terrein van die lewe. Die kerngedagte, veral van die Calvinistiese Hervorming, is in die leer van die soewereiniteit in eie kring beliggaam. Elke lewenskring is vry teen alle onregmatige gesag van buite, maar direk aan God verantwoordelik 1). Kuyper sien in die soewereiniteit van die gewete die palladium van alle persoonlike vryheid, in die sin dat die gewete nooit 'n mens en nooit iets of iemand anders as God bokant hom het nie. Die hoogontwikkelde mens duld geen gewetensdwang nie. Daarom het die martelare met 'n loflied op die lippe die brandstapel bestyg. Kerk en staat en alle mensemag moet die gewetensvryheid van die individu, sy soewereinitiet in die kring van sy eie persoonlike lewe, eerbiedig. Dit is die diepste van alle menslike vryhede - en 'n heldeworsteling het dit gekos om dit aan dwingelandy te ontworstel. Juis om oor <u>mense</u> te kan regeer, moet die staat hierdie diepste etiese krag van die menslike wese respekteer. 'n Nasie van burgers met geknakte gewetens, is self geknak in nasionale veerkrag 2).

Op etiese terrein het die Hervorming, deurdat dit die gelowige as priester in 'n persoonlike verhouding teenoor God gestel het, 'n nuwe waarde aan die persoonlikheid toegeken. Nie alleen is die mens in die eerste instansie as 'n religieuse in plaas van 'n estetiese wese erken nie 3); nie alleen is die Middeleeuse ban dat die mens slegs 'n mens is in soverre hy aan die kerk deel het, verbreek nie; maar boweal, sê Waterink, is die waarde van die persoonlikheid daarin gesien, dat die mens deur God, in Wie se hande hy slegs soos klei in die hande

---

1. Cf. Kuyper : Het Calvinisme, pp.86-8.
2. Kuyper : ibid., pp.99-100.
3. Leser : Das pädagogische Problem, I, p.97. Aangehaal deur Waterink : De Gesch. der Paed., p.533.

van die pottebakker is, geroep en voorbestem is vir 'n taak van oneindige waarde. Daaruit volg die „Calvinistiese personalisme", die selfbewussyn van die gelowige - die wete dat, hoewel hy uit homself niks is nie, hy uit genade uitverkies is om in ootmoed ook die genadegeskenk van sy eie persoonlikheid uit die hand van God te ontvang, en geroep is om 'n mede-arbeider van God te wees en in diens van God al sy vermoëns tot die maksimum hoogte uit die lewe 1). So alleen kan die individu tot 'n vrye persoonlikheid ontplooi - vry voor God, maar deur die liefdesbande wat 'n kind aan die Vader bind tog gebonde aan God.

Uit die erkenning van die individualiteit van die gelowige vloei die beginsel van die vryheid van die Kerk voort. Eerstens het die Hervorming, deur die gewetensvryheid te eerbiedig, die eenheid van die sigbare kerk in beginsel prysgegee; implisiet erken dat die kerklike belydenis nie die absolute belydenis van die waarheid kan wees nie; die grondslag vir die pluriformiteit van die kerk gelê 2); en die weg vir godsdienstige verdraagsaamheid in die plek van die inkwisisie voorberei 3). Tweedens vloei uit die Calvinistiese beginsel van soewereiniteit in eie kring, ook die leuse : „Die vrye kerk in die vrye staat" voort 4). Derdens het die Portestantse Kerke vryheidsbeginsels van onberekenbare invloed beliggaam deur hul demokratiese opvatting van die kerk as die gemeenskap van die gelowiges met Christus as Hoof, in plaas van die Rooms-Katolieke hierargie met die Pous as hoof; deur hul beklemtoning van die gelykheid van alle gelowiges voor God in plaas van die kloof tussen leke en geestelikes; en deur hul demokratiese, republikeins- konfederatiewe in plaas van monargaal-hierargiese kerkregering 5). Die kerk

---

1. Cf. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.567-8.
2. Cf. Kuyper : Het Calvinisme, pp.54-6, 92-5; en Adamson : A Short Hist. of Educ., p.136.
3. Coulton, G.G.: „The Reformation" in Encycl. Britan., Vol.19, p.43.
4. Kuyper : ibid., p.98.
5. Cf. Barth : Gesch. der Erziehung, pp.303-318.

verwerp alle menslike gesag - hetsy van pous, priester, Kerk of Kerklike Belydenis - as feilbaar. Christus alleen is Hoof van die Kerk; en die Woord van God alleen is onfeilbaar.

Staatkundige vryheid is in die hand gewerk deur die demokratiese grondopvatting dat alle mense voor God gelyk is, behalwe vir sover God aan die één gesag oor die ander, of meerdere gawes om die ander en God daarmee te dien, geskenk het 1); deur die skeiding van Kerk en staat 2); en deur demokratiese verteenwoordigende regering in albei 3). „The fanatic for Calvinism was a fanatic for liberty", 4) sê Bancroft. Daarvan getuig die stryd van Nederland teen Spanje, die Engelse „Glorious Revolution" van 1688, en die Amerikaanse Vryheidsoorlog. Nederland was by uitstek die slagveld van die stryd tussen Hervorming en Kontra-Hervorming. „Europe in large measure owes the modern ideal of political liberty to that spirit of stubborn resistance which broke the power of Spain", sê Symonds 5). Maar die Hervorming is nie die vader van revolusie, bolsjevisme en anargisme, soos uit Rooms-Katolieke kamp beweer word nie 6). By die Franse Revolusie was dit „alle saâm tegen God, hier allen saâm voor God neergeknield en brandende voor Zijn eere" 7). Daarom het Luther self die owerheid aangemoedig om die boere-opstand met die swaard te onderdruk 8). Die politieke vryheid van die Hervorming beteken ook geen volksoewereiniteit 9), of valse demokrasie nie. Letterlik sê Calvyn: „Die strewe van die minderbegaafdes na gelykstelling met die meer-begaafdes beteken die

---

1. Kuyper : Het Calvinisme, p.19.
2. Kuyper : ibid., p.98.
3. Cf.Foster,H.D. : „Calvinists and Education" in Monroe : Cyclop. of Educ., Vol.I, p.492.
4. Bancroft : Hist. of the United States 15th.ed.Boston 1853,I, p.464. Aangehaal by Kuyper : ibid., p.69.
5. Symonds,J.A. : „The Renaissance" in Encycl.Britan. Vol.19,p.492.
6. Bv.Rombouts : Hist. Pedagogiek, Dl.I, pp.173-6.
7. Kuyper : ibid., p.20. Cf. ook p.19.
8. Cf.Landwehr,J.H. : Maarten Luther" in Christelijke Encyclopaedie, Dl.III,p.746, en Barth : Geschichte d.Erziehung,p.318.
9. Kuyper : ibid., p.79.

ondergang van die hele liggaam, omdat dit 'n dood-bringende chaos en revolusie veroorsaak" 1). Inteendeel, alle gesag is uit God. Die owerheid regeer „by die grasie Gods". Selfs aan 'n tiranniese regeerder is die onderdaan gehoorsaamheid verskuldig, want ook sy gesag is deur God bevestig 2). Maar die Calvinisme maak dit vir die onderdaan maklik, sê Kuyper, om voor die gesag van die owerheid te swig, omdat hy in alle gesag die soewereiniteit van God eerbiedig, en nie voor 'n mensekind kruip nie. Dit verhef hom van 'n gehoorsaamheid uit vrees, tot 'n gehoorsaamheid „om der consciëntie wil". Die verdrukte kan sy toevlug tot God neem. Hoeseer die staat ook die vryheid van die individu bedreig, „boven dien machtigen Staat schittert voor ons zielsoog steeds als nog oneindig machtiger de majesteit van den Koning der koningen, bij wiens vierschaar steeds het recht van appél voor elken verdrukte openstaat, en tot wien steeds ons gebed blijft opgaan"...3). Bowendien bly in laaste instansie die reg van opstand teen 'n owerheid wat iets in stryd met Gods Woord gebied 4). In die eeuelange stryd tussen gesag en vryheid „is het de ingeschapen dorst naar vrijheid, die het van God verordend middel bleek om het zoo licht in despotisme overslaand gezag te breidelen" 5). Deur die vryheid van die onderdaan en die gesag van die owerheid albei uit dieselfde Bron, nl. die absolute soewereiniteit van God, af te lei 6), het die Hervorming, by name die Calvinisme, die volmaakte ewewig tussen vryheid en gesag gevind.

Danksy die demokratiese neiging van die Hervorming, en veral die Calvinistiese leer van die algemene genade, is die hele buitekerklike lewe - in staat, maatskappy, handel en nywerheid,

---

1. Calvyn, aangehaal deur Waterink : De Gesch.d.Paed., p.570.
2. Calvyn : Institutie IV.20.27, p.880.
3. Kuyper : Het Calvinisme,pp.81-2.
4. Calvyn : ibid., IV.20.31-32, p.882.
5. Kuyper : ibid., p.72.
6. Kuyper : ibid., p.90.

kuns en kultuur, wetenskap en skool - nie van God nie, maar van die ontgroeide voogdyskap van die Kerk geëmansipeer 1).

Die volk is mondig verklaar; voortaan streef hul uit eie spontaneïteit na 'n hoër vorm van menslike samelewing 2). Deur die opheffing van die leek, die burgerstand, die huislike lewe, die vrou, die arbeider 3), en 'n nuwe verantwoordelikheidsgevoel teenoor die arme 4), was die Hervormers die voorvegters vir sosiale vryheid. Deur die klem op die adel van die arbeid, selfs van die eenvoudigste beroep, te lê, het die Hervorming die aktiewe gees gewek wat tot die ekonomiese oorwig van die Protestante oor die Katolieke gelei het 5). Foster roem veral Calvyn se bevordering van „godsdienstige, burgerlike en ekonomiese vryheid" 6). Ook die kuns is van die heerskappy van die kerk bevry; 'n nuwe gebied is vir die kunstenaar ontsluit: die wêreld van die gewone, buitekerklike, menslike lewe, selfs van die eenvoudige arbeider 7).

Kuyper gee 'n oortuigende uiteensetting van hoe veral die Calvinisme ook die vryheid van die wetenskap bevorder het, eerstens deur met die pous as geestelike hoof van die kerk, wat ook vir die universiteit die wet kon stel, te breek; tweedens deur die leer van die algemene genade te verkondig, en die vervolging van wetenskaplikes met inkwisisie en skavot weldra te staak; derdens deur die Christen na sy aardse taak - nl. die onderwerping van die natuur en sy kragte - as skeppingsopdrag terug te roep; vierdens, hoewel hierdie ontwikkeling eers tot die moderne tyd behoort, deur tweërlei wetenskap en twee reekse universiteite te erken: dié van die Normaliste en dié van die

---

1. Cf. Kuyper : Het Calvinisme, pp.21-2.
2. Kuyper : Ibid., p.31.
3. Kuyper : Ibid., pp.19-23, 33.
4. Sien Cubberley : The Hist. of Educ., pp.325-6.
5. Barth : De Gesch. d. Erz., p.319.
6. Foster, H.D. : „Calvinists and Education" in Monroe : Cyclop. of Educ., Vol.I., p.491.
7. Cf. Kuyper : ibid., pp.162-3.

Abnormaliste; en daardeur die valse ideaal van één wetenskap te oorwin, net soos die denkbeelde van één Ryk en één Kerk reeds die onderspit gedelf het. Maar ook die vryheid van die wetenskap bestaan nie in ongebondenheid nie, maar daarin dat dit vry is van alle bande wat vir die wetenskap onnatuurlik is, en nie uit sy eie lewensbeginsel voortkom nie 1). Ook in die wetenskap geld die Woord van God as hoogste gesag, nie die kerk nie.

Die Hervorming het ook die skool van die heerskappy van die kerk bevry 2) - maar dit helaas in die hande van 'n ander heerser, die staat, oorgelewer 3). Die ideaal van die vryheid van die skool is nog slegs in Nederland verwesenlik, toe, eers in die twintigste eeu, ook die juk van die staat afgeskud is.

2. <u>VRYHEID EN GESAG IN DIE OPVOEDING</u>.

2.A. <u>BY DIE LEIERS VAN DIE HERVORMING</u>.

2.A.(1) <u>MARTIN LUTHER (1483-1517)</u>.

(a) <u>Die Doel</u>.

By die Humanisme is die vryheid van die individu die grondbeginsel; by die Hervorming die mens se afhanklikheid van God. Luther beoog dat die kind tot die saligheid van sy siel, maar „allermeist zu Gottes Lob und Ehre" 4), moet opgevoed word. Kinders behoort meer aan God as aan hul ouers. Daarom mag ouers hul kinders nie na eie willekeur, vir eie genot of vertoon opvoed nie, maar vir die diens van God, sodat daar predikante en onderwysers kan wees 5). Dit is onderwys ter wille van die eer en gesag van God, nie ter wille van die ontplooiing van die individualiteit in die eerste plek nie. Die opvoeding van

---

1. Kuyper : Het Calvinisme, pp.119-134.
2. Sien Waterink : De Gesch. der Paed., pp.637-648.
3. Sien Cubberley : The Hist. of Educ., p.318;
   Parker : Hist. of Modern Elem. Educ., pp.60-2;
   Waterink : ibid., p.548.
4. Luther : Christliche Kinderzucht, p.19.
5. Luther : Sermon on the duty of sending children to school. Vert. Painter : Luther on Education, pp.219-223.

kinders is dus eerstens 'n plig van die ouer teenoor God.

Maar opvoeding is ook 'n verantwoordelikheid teenoor die wêreldlike regering, wat 'n goddelike instelling is. Selfs al was daar geen siel nie, nog hemel, nog hel, maar slegs die wêreldlike regering, sou goeie skole en geleerde manne en vroue nog onmisbaar wees ter wille van die orde in die staat, 'n gesonde gesinslewe 1), en die gesag van die wêreldlike regering, wat 'n afskaduwing van die gesag van Christus is 2).

Die grondslag van die orde in Kerk en staat, en van goeie sedes en goeie regering is die gehoorsaamheid van kinders aan hul ouers in die huisgesin 3). Die hoofdoel van die opvoeding is dus gehoorsaamheid aan die gesag van God, die staat en die ouers. Goddelike gesag staan vir Luther hoër as menslike vryheid. Die Wet van die Here eis dat ons ons naaste moet liefhê, maar ons ouers bowendien ook moet eer, want om te eer is ver hoër as om lief te hê, insoverre dit nie alleen liefde, maar ook beskeidenheid, nederigheid, en ontsag soos vir verborge majesteit insluit 4).

Maar hierdie eerbied vir gesag gaan met 'n hoë waardering vir die vryheid en individualiteit van die kind gepaard. Die kind het 'n onvervreemdbare reg op opvoeding. Verwaarlosing van sy opvoeding is 'n gruwelike sonde teenoor 'n onsterflike siel 5), wat vir die grootste oorlog op aarde - die stryd teen die duiwel - bekwaam moet word, desnoods deur leerdwang 6). Elke ouer behoort sy kind te beskou „als einen köstlichen, ewigen Schatz, der ihm von Gott befohlen sey, zu bewahren, dasz ihn der Teufel, die Welt, das Fleisch nicht stehlen und umbringen" 7).

---

1. Luther : Letter to the Mayors and Aldermen of all Cities in Germany in behalf of Christian Schools. Vert. Painter : Luther on Education, pp.194-6.
2. Luther : Sermon ....., p.242.
3. Luther : Christliche Kinderzucht, pp.8-9.
4. Luther : Aangehaal deur Painter : ibid., p.116.
5. Luther : Letter to the Mayors ....., p.178.
6. Luther : Sermon ...., p.244.
7. Luther : Christliche Kinderzucht, p.20.

In die saligheid van sy siel vind die individu die hoogste vryheid. Bowendien is Luther volkome bewus daarvan dat afgedwonge gehoorsaamheid nog geen sedelikheid is nie. Die kind moet uit eie vrye keuse die goeie doen 1). Vryheid en gehoorsaamheid is dus twee onafskeidelike doelstellinge in die sedelik-godsdienstige opvoeding. Maar Luther het geen eng-middeleeuse, eensydig-hiernamaalse opvoeding beoog, „asof slegs die priesterorde vir God aanneemlik is en die sekulêre klasse aan Satan behoort" 2) nie. Sy opvatting dat deur die aardse beroep God gedien word, en juis daardeur die persoonlikheid die beste tot verwesenliking kom 3), het veel gedoen om die onderwys van engheid te bevry.

(b) Die Metode.

Dit hoef ons nie te verwonder dat Luther se onderwysmetode hoofsaaklik deduktief is nie. In die voorwoord tot sy „Klein Kategismus" beveel hy aan dat die leerlinge eers met die woorde van die teks vertroud raak, en daarna met die uitleg. Ouers mag ook nie uitstel om aan hul kinders die lewe-gewende Evangelie te leer totdat hulle alles kan verstaan nie 4). Hoewel die induktiewe metode oor die algemeen beter by die kinderaard pas, merk Painter op, is dit tog 'n vraag of vir so'n kort Kategismus die deduktiewe metode op die duur nie tog „the most economical and effective" 5) is nie. Inderdaad, as opvoeders altyd moes wag totdat die kind iets volkome kan verstaan, voordat hulle van hom verwag om dit in te prent, dan sou die jeug sommige van die diepste lewenswaarhede nooit leer nie. Mits ons oortuig is dat die stof van blywende waarde vir die kind sal wees, en ons dit so ver as moontlik op kinderlike wyse

1. Cf. Luther : Christl. Kinderzucht, p.48.
2. Luther : Letter to the Mayors....., p.195.
3. Cf. Waterink : De Geschiedenis der Paedagogiek., p.549-50.
4. Sien Luther : Christl. Kinderzucht, p.54.
5. Painter : Luther on Educ., p.152.

verduidelik en deur middel van 'n aantreklike metode aanbied, doen ons die kindernatuur geen geweld aan nie.

Aan al hierdie vereistes beantwoord Luther se metode. Veral probeer hy by die kinderaard aanpas en hy beveel 'n middeltjie aan wat die katcgismus-onderwys aangenaam, konkreet, aanskoulik en interessant sal maak. Die twee hoof-stukke van die Christelike leer, geloof en liefde, moet in die hart weggebêre word soos in twee sakkies. Elke teks wat bygeleer word om een van die twee stukke te bewys is soos 'n geldstuk wat in die betrokke sakkie gestort word, 'n goudstuk in die goue sakkie van die geloof, 'n silwerstuk in die silwersakkie van die liefde, ens. Die onderwyser moet 'n kind kan word saam met die kinders. „Lasse sich hie Niemand zu klug dünken und verachte solch Kinderspiel. Christus, da er Menschen ziehen wollte, muszte er Mensch werden. Sollen wir Kinder ziehen, so müssen wir auch Kinder mit ihnen werden" 1).

Ook die kind se natuurlike drang tot vryheid, spel en aktiwiteit erken Luther. Kinders moet hardloop en spring, of iets te doen hê, sê hy, omdat hulle 'n natuurlike drang daartoe het, wat nie onderdruk moet word nie, want dit is nie goed om hulle in alles teë te gaan nie. Die skool moet nie 'n hel of vagevuur wees, waarin kinders oor naamvalle en tye gefolter word nie 2). Uit die laerskool het Latyn as onderwysmedium dan ook nou vir goed verdwyn; die moedertaal was voortaan die taal van die laer onderwys.

Gesag is ook in Luther se metode die vernaamste beginsel, maar 'n menigte vryheidsfaktore vrywaar die kind teen onregmatige dwang.

---

1. Luther : Christl. Kinderzucht, pp.79-80.
2. Luther : Letter to the Mayors....., p.198.

(c) Die Inhoud.

In verskeie belangrike opsigte toon die opvoedingsinhoud waarop Luther aandring 'n gees wat die onderwys van tradisionele engheid bevry het.

Musiek en sang beveel hy aan as 'n „goddelike en voortreflike gawe" om God mee te loof en om rus en vreugde in die gemoed te bring; want daar is geen kragtiger middel om die onstuimige drifte van die menslike gees te oorwin as die musiek nie. Wie nie daardeur geroer word nie is voorwaar 'n ongevoelige klip 1). Musiek is dus 'n middel tot uiting van die edelste gevoelens, nl. tot lof van die Skepper; en tegelyk 'n middel om ongewenste emosies te bedwing.

Naas musiek en sang beskou hy gimnastiek as die beste oefening en tydverdryf. Weens sy hoë opvatting van die aardse beroep en die praktiese wêreldlike lewe was hy 'n voorstander van meer praktiese onderwys; die leerstof moes deur die eise van die lewe bepaal word, nie deur die skool nie 2).

In al hierdie opsigte was Luther selfs sy humanistiese tydgenote in die noorde ver vooruit, en het sy leerplan beter vir die opgewektheid, vryheid en aktiwiteit waarna die kindernatuur smag, voorsiening gemaak as dié van Erasmus.

(d) Die Tug.

In sy „Van die wêreldlike Owerheid: in hoeverre 'n mens daaraan gehoorsaamheid verskuldig is" gee Luther die grondbeginsels vir die gedragslyn van die Christelike vors. Ons kan dit ook beskou as 'n aanduiding van wat hy van die onderwyser verwag.

Aan God moet die vors hom in volle vertroue onderwerp, en Hom om wysheid smeek om goed te regeer. Jeens sy onderdane moet hy met liefde en Christelike diensbetoon regeer. Hy moet afstand doen van die mening dat hy met geweld mag heers, want

---

1. Luther : Christliche Kinderzucht, pp.87-9.
2. Cf.Waterink : De Geschied. der Paed., p.549.

vervloek is alle werke wat nie in die liefde geskied nie. Hy moet nêrens sy eie voordeel soek nie, maar steeds dié van sy onderdane. Hulle node moet sy node wees. Die geregtigheid moet hy ewe stewig in sy hand hou as die swaard. Veral die geloof van die onderdaan is 'n saak van die gewete. Want die geloof is 'n vry werk, waartoe 'n mens niemand kan dwing nie. „Oor die siel kan en wil God niemand laat regeer behalwe Hyself alleen nie. Daarom, waar die wêreldlike owerheid hom aanmatig om vir die siel wette te stel, daar tas hy God in Sy bestuur aan". Jeens sy raadgewers moet hy met verstand en onbevange oordeel optree. Hy moet hul nie verag nie, maar ook niemand soseer vertrou dat hy alles aan hom oorlaat nie. Hy moet opdra en waag, maar hom op niemand volkome verlaat nie, behalwe alleen op God. Hy moet self die teuels in die vuis hou. Jeens misdadigers moet hy wys en verstandig wees, sodat hy nie aan ander skade aandoen deur sy straf nie. „Wie nie deur die vingers kan sien nie, kan nie regeer nie". Hy moet met sy gesonde verstand oordeel waar en wanneer die reg in alle strengheid of in mildheid toegepas moet word 1).

So moet die opvoeder ook in die huisgesin en die skool met gesag regeer, - want alle aardse gesag is 'n afskaduwing van die goddelike gesag -, maar tog nie die vryheid van die opvoeding geweld aandoen nie. Die grondslae van die sedelik-godsdienstige opvoeding is eerstens die Woord van God - „denn in göttlichen Sachen soll weder Vater noch Mutter, geschweige denn Bischof, oder irgend ein Mensch, sondern allein Gottes Wort lehren und führen" 2). Daaruit moet die kind God leer liefhê as 'n Vader weens Sy weldade, en vrees as 'n Regter weens Sy straf. Tweedens is die gehoorsaamheid aan vader en moeder die grondslag van goeie sedes en van gehoorsaamheid aan die staat, 3)

---

1. Luther, M. : Van wereldlijke overheid in hoeverre men haar gehoorzaamheid verschuldigd is. Vert. in Bierens de Haan : Politeia, pp.205-212.
2. Luther : Christliche Kinderzucht, p.23.
3. Luther : ibid., pp.8-9.

Eerbied vir die gesag - van God, owerheid en ouers - is dus die hoeksteen van die tug. Eerbied staan hoër as liefde, omdat dit beide liefde en ontsag insluit 1). Strengheid is noodsaaklik weens die sondige natuur van die mens. Wie die erfsonde gering ag of verdoesel, dwaal waarlik soos blinde mense by helder sonlig 2). "Gott will haben dasz die Jugend regiert, und mit guter Disciplin gezwungen soll werden; denn dieses Alter ist sehr schwach und unerfahren, und gedenkt nur auf närrische, kindische, und schädliche Dinge; darum kann es sich selbst nicht regieren, kann auch nicht sehen, was ihm nütze, und gut sey. Darum hat aber Gott die Eltern und Schulmeister verordnet ...." 3). Oordrewe toegewendheid en vertroeteling, wat te veel deur die vingers sien, is niks anders as 'n valse liefde nie, wat later smart oor die ouers bring 4). As kinders kwaaddoen moet hul gestraf word, eers met ernstige woorde, maar desnoods met die roede. Dis beter dat die liggaam gepynig word as dat die siel hom besondig. Lyfstraf is 'n geestelike salf vir die krankheid van die siel, naamlik die ongehoorsaamheid 5).

Andersyds is ook vryheid onmisbaar. Onder die dwang van die tugmeester word die seun nie sedelik nie. "Er thut nicht was er will, sondern musz thun, aus Furcht der Ruthen, was sein Meister will.... Wenn er aber frei wäre,... da würde er denn seine Natur erzeigen". Sy dade is dan nie sy eie nie, maar dié van sy tugmeester, wat dit op hom afdwing. Slegs vrees weerhou hom van die kwaad. Hoe strenger die kwaad hom belet word, des te sterker word sy haat teen die verbieder, en des te sterker neem die kwaad dus in hom toe. As hy eindelik loskom, is hy veel erger as dié wat minder streng opgevoed is. Oordrewe strengheid is net so skadelik as oordrewe toegewendheid. "Wer zornig herrschet, der macht Uebel ärger. Die Erfahrung

---

1. Sien Painter : Luther on Educ., p.116.
2. Luther : Christl. Kinderzucht, p.38.
3. Luther : ibid., p.48.
4. Luther : ibid., pp.48, 34.
5. Luther : ibid., pp.33-4.

lehret dasz durch Liebe weit mehr ausgerichtet werden könne, als durch knechtische Furcht und Zwang.... Sogar ist der Natur nicht zu helfen mit Geboten und Strafen, man musz mehr dazu thun" 1). Hierdie „meer" bestaan in die eerste plek daarin dat die opvoeder 'n kind moet word saam met die kinders, en hul op kinderlike wyse, temidde van hul speletjies, tot godsvrug moet opvoed. Luther het self 'n reël daarvan gemaak om saam met sy kinders te speel, maar tog moet opvoeders onthou dat hul voorbeeld meer invloed uitoefen as baie mooi woorde; en derdens „dasz sie mit ihren Kräften und durch ihren Fleisz oder Arbeit die Kinder nimmermehr recht und wohl aufziehen können; derohalben sollen sie zu Gott schreien, und also beten: Herr Gott, himmlischer Vater, hilf uns, dasz die Kinder wohl gerathen mögen" 3). Die gebed is die beste middel vir die sedelik-godsdienstige opvoeding van die kind. Daarom moet die voortdurende gebed-stemming die Christenopvoeder kenmerk, net soos die polsslag die bewys van die lewe is. Tenslotte moet die gees wat die opvoeder aanvuur, selfs wanneer hy straf, die gees van liefde en besorgdheid oor die ware welvaart van die kind wees. „Das Strafamt ist ein Werk christlicher und göttlicher Liebe". Soos 'n dokter soms 'n arm of 'n been afsit om die lewe te red, so is dit beter om die liggaam te straf ten-einde die siel te red. Na die straf kom die versoening, - die appel by die plak - en dan is die liefde van die kind vir die opvoeder deste sterker. So 'n vaderlike, liefdevolle toorn dien daartoe om die liefde te vernuwe. Maar dan moet in die straf ook met die aard van die oortreding rekening gehou word. Vir vrugtesteel moet kinders nie so streng gestraf word as vir gelddiefstal nie 4).

---

1. Luther : Christl. Kinderzucht, pp.48-51.
2. Sien Painter : Luther on Educ., p.122-3.
3. Luther : ibid., p.26.
4. Luther : ibid., pp.32-6, 49-50.

Luther se opvoedingsteorie is op die gesag van die Heilige Skrif en op die natuur van die kind gegrond, en deur sy persoonlike ervaring as vader van kinders bekragtig. Van al die persoonlikhede wie se opvoedkundige gedagtes ons tot dusver bespreek het, is Luther die eerste wat 'n normale huwelikslewe gelei het, vader van kinders was, en hul sedelik-godsdienstige opvoeding as sy grootste verantwoordelikheid beskou het 1). Daarom sien hy ook die verhouding tussen gesag en vryheid in die opvoeding so juis. Die mens is volkome afhanklik van die gesag van God. Die opvoeder kan die siel nie tot saligheid dwing nie. Nadat hy alle vryheidsmiddele in sy vermoë aangewend het, bly ten slotte die gebed die sleutel tot die welslae van die geestelike opvoeding. Dis 'n middel waardeur die opvoeder onvoorwaardelik voor die gesag van God buig, sonder om enige dwang hoegenaamd op die kind uit te oefen. Dié beginsel is dan ook kenmerkend van die opvoeding, veral die tug, van Luther: die gesag is die grondbeginsel, maar in die praktyk tree dit oral waar enigsins moontlik op die agtergrond om ruimte te laat vir soveel vryheid as waarvoor die kind ryp is. Dit is geen wonder dat Luther die onderwys as die edelste beroep, naas dié van die predikant, beskou het nie 2).

## 2.A.2. JOHANNES CALVYN (1509-1564).

### (a) Die doel.

Die allesbeheersende doel van die opvoeding by Calvyn is nie die saligheid van die mens nie, maar, in nog sterker mate as by Luther, die eer van God. „Gewis is die roeping van die Christen veel hoër as om net die heil van sy siel te soek..., want ons is in die eerste plek vir God gebore en nie vir onsself nie" 3).

1. Augustinus en die humanistiese opvoeders wat kinders gehad het, beantwoord nie aan aldrie die genoemde beperkings nie.
2. Luther : Sermon...., Vert. Painter : Luther on Educ., p.264.
3. Calvyn : Opuscules 140-149, Opera V, pp.380-1. Aangehaal deur Doumergue : Calvijn in het Strijdperk, p.350.

Die doemskuldige mens is deur genade geroep om God, die Selfgenoegsame, die Absolute Soewerein, te dien en gehoorsaam, eer en vrees 1). Hy moet voor die Absolute Gesag van God buig.

God verwag egter geen slawediens van die mens nie, maar vrywillige liefdediens. Hy rig Sy genadeverbond met die mens op; Hy neem die sondaar tot Sy kind aan, en bevry hom van die dwang van die Wet. Die Christelike vryheid bestaan daarin, dat die gewete van die gelowige bokant die Wet verhef is, omdat hy nie deur die werke van die Wet geregverdig word nie, maar alleen deur die genade van Christus; dat die gewete nie as deur nooddwang gedwing word om die Wet te gehoorsaam nie, maar vanself die wil van God gehoorsaam omdat ons met Vaderlike sagmoedigheid deur God geroep word, en dus met blydskap ons roeping gehoorsaam, wetend dat, hoe onvolkome ons werke ook is, ons gehoorsaamheid vir ons allergoedertierenste Vader tog aangenaam sal wees; en ten slotte, dat ons in die „middelmatige dinge" in ons gewete God moet bevredig, maar nie voor God gebonde is nie 2).

Uit hierdie besef van geroepenheid deur 'n geliefde Vader vloei dan ook die „Calvinistiese personalisme", die selfbewussyn van die gelowige, die besef dat, ten spyte van sy eie nietigheid, 'n grootse taak deur God Self uit genade aan hom toevertrou is, voort 3). Daarin bestaan die hoë waarde van die persoonlikheid. Selfs „die domste varkoppasser", as hy van die kudde van God is, moet persoonlik van sy roeping en van die waarheid van Gods Woord oortuig wees 4). Tog bedoel Calvyn nie om die individu te verheerlik soos die Humaniste gedoen het nie.

---

1. Sien Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, p.141.
2. Calvyn: Institutie, III. 19.2,4,5,9,12, pp.479-485.
3. Cf. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.567-8. Sien bo pp.137-8.
4. Calvyn : Opuscules 163, 164, Opera V. Aangehaal deur Doumergue Calvijn in het Strijdperk, p.351. Sien bo pp.135-6.

Inteendeel, hy het net so konsekwent met die humanistiese individualisme as met die Middeleeuse totaliteitsidee gebreek. Sy opvatting van die verhouding tussen individu en gemeenskap is organies. Alleen deur wedersydse gee en neem kom die individualiteit tot ontplooiing, en word die simmetrie van die samelewing in stand gehou en sosiale welvaart bevorder 1). „Hy wat homself met sy gewete tevrede stel en geen ag slaan op sy naam nie, is wreed" 2). Die mens is dus eers individu, maar ook gemeenskapswese. Alle mense is gelyk voor God, maar tog skakel die verskeidenheid van individualiteite alle meganiese gelykstelling uit 3). God het aan sommige ryker gawes, of gesag oor ander verleen, om Hom daarmee te dien. Ontwikkeling van hierdie gawes is nie alleen 'n sieraad vir die individu nie maar „'n openbare noodsaaklikheid ten einde goeie politieke administrasie te verseker, die Kerk ongeskonde in stand te hou, en humaniteit onder die mense te bewaar" 4). Deur toewyding van alle gawes in diens van God, word Sy Naam verheerlik, kom die individu tot die volste selfverwesenliking, en word die gesonde bloei van die gemeenskap in Kerk, Staat en huisgesin bevorder. In onderwerping aan God word die vryheid van die individu dus met gebondenheid aan die gemeenskap tot 'n organiese eenheid verweef. Die vryheid van die gewete word deur hierdie onderwerping aan die goddelike gesag geen geweld aangedoen nie, omdat dit 'n blymoedige gehoorsaamheid uit liefde tot 'n Hemelse Vader is.

(b) <u>Leerstof en Metode</u>.

Kenmerkend van die inhoud van die opvoeding by Calvyn is dat die Bybel as die finale gesag erken word. In die skool-

---

1. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.565, 569.
2. Calvyn : Opera V, p.39. Aangehaal deur Doumergue : Calvijn's Jeugd, p.39.
3. Waterink : ibid., p.570. Sien bo, pp.139-140.
4. Calvyn in sy Skoolprogram vir Geneve, 1538, Aangehaal deur Foster, H.D. : „Calvinists and Educ." in Monroe : Cyclop. of Educ., pp.491-2.

program wat hy en Cordier vir Genéve opgetrek het staan: Die Woord van God kry die eerste plek as grondslag van alle wetenskap, maar die vrye kunste is waardevolle hulpmiddels vir die volle kennis van die Woord 1).

Maar hierdie gebondenheid aan die gesag van die Woord het geen engheid in die leerplan meegebring nie. Inteendeel, volgens die oordeel van H.D. Foster oor Calvyn „the outstanding facts regarding his historic work are not its narrowness, but its breadth of range and its fecundity of influence in two continents" 2). Hierdie omvattendheid is ook in die leerplan van die Calviniste weerspieël. Selfs Cubberley erken dat „the education they provided was not only religious but civil; not only intellectual but oral, social and economic" 3).

Merkwaardig was veral die plek wat sang in Calvyn se skole ingeneem het. Terwyl kerksang in sy tyd onbekend was en in die Roomse Kerk die profaanste musiek weerklink het, het Calvyn Psalms berym, kinderkore gestig wat die gemeentesang kon lei, en in sy Kolleges alle leerlinge vier uur per week aan musiek en die sing van Psalms laat wy. Psalmgesang was die siel van die Calvinistiese kerk. Dit was nie die droewe gesing van die Middeleeue nie, maar egte, vrye, suiwer sang, wat uit die hart gewel het, die sang van diegene wat ween en vertroos is, meeslepende, besielende sang 4). So het Calvyn geleentheid vir emosionele selfuiting van die hoogste rang verskaf.

Dat hy met die leerlingnatuur rekening gehou het blyk ook uit sy metode van Skrifuitleg. Sy reëls is eerstens: kortheid, helderheid, afsnyding van alles wat oortollig is; tweedens: eenvoud, vermyding van spitsvondigheid, omdat hy vir die nederiges skryf; en ten slotte vryheid 5).

---

1. Sien Foster, H.D. : „Calvinists and Educ." in Monroe : Cyclop. of Educ., Vol.I, p.491.
2. Foster, H.D. : „John Calvin" in Monroe : ibid., p.491.
3. Cubberley : The Hist. of Educ., p.333.
4. Doumergue : Calvijn in het Strijdperk, pp.410-20 en voetnoot p.421.
5. Doumergue : ibid., p.359.

(c) Tug.

Uit die leer van die Absolute Soewereiniteit van God in hemel en op aarde volg die afleiding dat alle aardse gesag uit God, die Bron van alle gesag is, en dat die mens aan alle regmatige gesag van aardse owerhede, selfs aan die strengste tiran, gehoorsaamheid verskuldig is, nie uit vrees vir straf nie, maar om die gewete ontwil, omdat „die gehoorsaamheid wat aan hulle geskied, aan God Self bewys word, aangesien alle mag uit God is"1)

Die vryheid van die gewete word by hierdie streng opvatting van gesag bewaar deurdat die onderdaan nie voor 'n mens buig nie, maar voor God. Bowendien word hy nie magteloos aan die willekeur van die owerheid oorgelewer nie. Ook die owerheid is in die eerste plek gehoorsaamheid, en dus verantwoording vir sy uitoefening van gesag, aan God verskuldig. As hy iets teen God gebied, moet die onderdaan dit as „nul en kragteloos verwerp" 2). In sy verklaring van die vyfde gebod sê Calvyn dat ons ons ouers en alle owerhede moet gehoorsaam, - maar alleenlik in die Here; want hulle „hoogheid", wat van die Hoogheid van God afgelei is, moet ons soos met die hand na die Hoogheid van God lei 3). Alle wette en ordonnansies van mense moet aan die toets van Gods Woord en Wil onderwerp word, en slegs dié wat „op d'authoriteyt Godts ghegrondt, en uyt de Schriftuyr genomen, en oversulcks geheel en al Goddelick zijn" 4), is bindend.

Calvyn waarsku sterk teen gesagsmisbruik deur die onderwyser, en tree as voorvegter vir die vryheid van die opvoedeling op. Reeds in sy eerste gepubliseerde werk (1532) loop hy Rabelais en Montaigne vooruit deur die wreed-straffende onderwysers van sy tyd as „beesagtige beule", wat die naam „opvoeder van die jeug"

---

1. Calvyn : Institutie IV.20.22, p.877. Sien IV.20.24-27, pp.878-880.
2. Calvyn : ibid., IV.20,32, p.882.
3. Calvyn : ibid., II.8.38, p.219.
4. Calvyn : ibid., IV. 10. 30, p.704. Cf. ook IV. 10. 8, p.691.

tot skande maak 1), te brandmerk. Sommige van sy beginsels vir die kerklike tug kan ons ook op die skooltug toepas: strengheid moet steeds deur sagmoedigheid vergesel gaan, sodat die medisyn nie in venyn verander nie, maar die liefde aan die oortreder bevestig word. Sy raad dat iemand wat onder sensuur staan nie veroordeel moet word nie, maar dat sonder ophou vir hom gebid moet word, en dat beter dinge vir die toekoms van hom verwag moet word as wat in die teenswoordige gesien kan word 2), weerspieël die liefde en die vertroue waarin Christus ons voorgegaan het. Toe daar in Straatsburg 'n soort opstand onder die studente uitgebreek het, het Calvyn, sonder om die reg van die tug te wil opoffer, gesê: „'n Mens moet die strengheid nie so ver dryf, dat jy hulle nie hier en daar die reg sou teeken om dwaashede te doen nie" 3).

Calvyn se groot bydrae tot die oplossing van ons vraagstuk lê daarin dat hy op onoortreflike wyse die wese en oorsprong van die gesag, en van die Christelike vryheid nagespeur het, en die regte verhouding tussen die twee in die opvoeding aangetoon het.

## 2.B. BY DIE ONDERWYSMANNE VAN DIE HERVORMING.

### 2.B. (1) Philip Melanchthon (1497-1560).

**Melanchthon** het die erenaam „Praeceptor Germaniae" verdien hoofsaaklik deur sy organisasie en reorganisasie van die Duitse Universiteite, en tot mindere mate ook van die hoërskole, om die nuwe gees, 'n samesnoering van Humanisme, Protestantisme en Germanisme, te beliggaam 4). Hy was in die eerste plek organisator, en het die teorieë en ideale van ander in die praktyk verwesenlik. Tot die opvoedkundige denke ten opsigte van vryheid en gesag het hy niks nuuts bygedra nie.

---

1. Calvyn. Aangehaal deur Doumergue : Calvijn's Jeugd, p.214.
2. Calvyn : Institutie IV.12.8-9, pp.721-2.
3. Calvyn aan Farel. 31 Des. 1539. Opera, $X^b$, p.441. Aangehaal deur Doumergue : Calvijn en Genève, p.402.
4. Woodward : Studies in Educ. during the Renaissance, pp.215-26. Cf. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.554-7.

Sy doel met die opvoeding was wel dat daar manne sou wees „om 'n suiwer leer in die Kerk te verkondig en die staat op verstandige en bekwame wyse te dien" 1). Maar sy onderwys was tipies van die Humanisme in sy formalistiese tydperk. Sy metode was deurgaans deduktief: eers die reëls, dan die voorbeelde; eers die grammatika, dan die outeurs. Sy beleid was 'n reaksie teen die „nuwere metodes" van minder formele, sistematiese grammatika, soos deur Erasmus, Vives en Cordier voorgestaan 2). Hy beskou 'n deeglike kennis van grammatika as die sleutel tot geleerdheid. „Die kinders moet al die reëls van buite leer en opsê, sodat hulle as't ware gedryf en forseer word om die grammatika deeglik te leer". As 'n onderwyser nie van hierdie onaangename plig hou nie, moet hy ontslaan word en 'n ander een in sy plek aangestel word wat nie sal huiwer in die uitvoering van sy plig om die leerlinge voortdurend in grammatika te dril nie. „Nogtans moet die onderwyser waak dat hulle nie oorseis word nie" 3). Lyfstraf beskou Melanchthon as noodsaaklik, hoewel dit 'n noodsaaklike euwel is, wat die onderwyser se taak vergal 4).

So'n onderwys is weinig meer as dwang. Van die verhewe reformatoriese opvatting van gesag en vryheid is hier haas geen spoor te vinde nie. Selfs die vryheid in die metode wat deur die beste humanistiese denkers bepleit is, het hy verwerp.

2.B.(2) <u>Maturin Cordier (1479-1564).</u>

(a) <u>Die Doel</u>.

Dié pedagoog by uitstek van die Calvinistiese Protestantisme in die periode van sy opkoms - dit is die erenaam wat Waterink

---

1. Melanchthon,P.: Book of Visitations. Vert. Barnard,H., in American Journal of Educ., Vol.IV,p.749. Aangeh. deur Cubberley Readings in the Hist. of Educ., p.247.
2. Woodward : Studies in Educ. during the Renaissance, pp.220-1.
3. Melanchthon : ibid., Vert. Barnard : ibid. Aangehaal deur Cubberley : ibid., pp.248-9.
4. Melanchthon : Declamatio de miseriis paedagogorum. Aangeh. deur Barth : Gesch. der Erziehung, p.282.

aan Maturin Cordier toeken. Cordier is nie slegs, soos Sturm, 'n humanis wat formeel Calvinis is nie; hy is 'n Calvinistiese Christen, wat die leerskool van die Humanisme deurgemaak het 1). Vir hom is die kind nie 'n barbaar wat deur Latynkennis ont-ru moet word nie, maar 'n „kind van die lig", wat tot Christus gebring moet word, sy wil aan die wil van God moet onderwerp en die Woord van God as die enigste gesag in geloofsake moet leer erken. Die godsvrug is hoofsaak, die welsprekendheid en die lettere bysaak. Kinders kom in die skool as engeltjies en verlaat dit as duiwels, omdat onderwysers die siel van die kind verwaarloos terwille van die intellek. „Giet die Naam van Jesus Christus druppelsgewyse in die siele van u leerlinge; bring hulle tot Hom, laat Hom in hulle deurdring.... Leer hulle... om Christus lief te hê, Hom in te adem, Hom in die mond te hê... Prent hulle gedurig die Woord van God in, sodat hulle ten minste deur enige van die vonke van die Goddelike liefde getref word" 2). Die gees van die samesprake in sy beroemde „Colloquia Scholastica" is bereken om die lewenserns en godsvrug, die beskouing omtrent plig en gesag 3), ja die hele lewensbekouing van die Calvinisme, by die jeug te laat posvat. Hulle moet leer dat hul in eie krag onbekwaam is tot enige goed, maar dat hul desnietemin in alles - in hul studies, hul voorregte, hul oorwinnings - slegs aan God die eer 4) moet gee. Onderwerping van die mens aan die Goddelike gesag neem dus in die opvoedingsdoel die eerste plek in.

In die onmiddellike doelstellinge erken Cordier egter ook die vryheid van die individu om sy beroep volgens sy aanleg te kies; want nie almal is vir letterkundige studie aangelê nie 5).

---

1. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.595, 598, 605-6.
2. Cordier : De Corrupti Sermonis Emendatione (1531). Aangeh. deur Doumergue : Calvijn's Jeugd, pp.49-50.
3. Woodward : Studies in Educ. during the Renaissance, p.161.
4. Colloquiorum Maturini Corderii Centuria Una, Coll.XXVI, ed. Justus v.Lotten, 1710, p.21. 'n Kosbare eksemplaar van hierdie seldsame werk is deur my geagte Promotor goedgunstiglik aan my geleen. d.T.
5. Centuria Colloq...., Coll. VI, p.7.

(b) Die Tug.

Deur strenge gesag, maar nog meer deur vryheid, moet die kind tot hierdie verhewe doel gebring word.

Straf is vir 'n seun net so nodig as voedsel, en moet geduldig verdra word - selfs wanneer dit onregverdig is - terwille van Jesus Christus, Wat Sy onregverdige dood vir ons sondes gedra het 1). Strengheid in die skool is nodig om die groot menigte te bedwing, en in die koshuis om 'n rustige, veilige toevlugsoord vir die ernstige student te skep. Maar straf word slegs op die „deugniete wat nóg God vrees, nòg hulle ouers, nóg slae, wat die studie haat slegter as 'n hond of 'n vark", toegepas om goeie gewoontes te beskerm, en slegtes of te verbeter, of uit te dryf 2).

Maar Cordier weet ook „dat 'n vrye karakter nie gedwing wil word nie, maar maklik gelei word" 3). Daelikse en aanhoudende géselinge boesem vir fatsoenlike seuns soseer 'n afsku vir die studie van die lettere in, dat hulle die skool meer haat as 'n byt van 'n hond of van 'n slang. Hulle dink, dat hulle op 'n galei of in 'n gevangenis lewe. As die onderwyser sy taak maklik wil maak moet hy die bosse latte weggooi, ophou met dwing en pynig, vriendelik met die kinders oor God en oor hemelse dinge begin gesels, om hul na Christus te lei. Die skool moet vir hulle 'n aangename plek wees. 'n Mens moet hulle nie trek nie, maar met klein beloninkies uitlok, en meeneem op so'n manier dat hulle die Latynse taal nie alleen liefhet nie, maar hulle daarin verlustig 4). Die hele opvoedingstelsel moet verander word. Die onderwyser moenie weifel tussen te veel toegeeflikheid en te veel strengheid nie.

Cordier lê sy opvatting omtrent die vriendelike en vaderlike verhouding van die onderwyser teenoor die leerlinge in die

---

1. Centuria Colloq., Coll. LXXIX, p.65.
2. ibid., Coll. LXXX, pp.69-70.
3. ibid., Coll. LXXX, pp.67, 70.
4. Cordier : De Corrupti Sermonis Emendatione. Aangeh. deur Doumergue : Calvijn'sJeugd, pp.49-50.

mond van 'n seun: „In die eerste plek wil ek jou sê dat die meester tweemaal soveel sagter teenoor ons is as wat hy in die skool lyk. Want hy gaan vriendelik met ons om soos 'n verstandige vader gewoonlik tussen sy kinders doen". Sy streng dissipline in die openbaar lyk vir die slegte leerlinge gehaat, maar vir die goeies en yweriges is dit 'n beskerming. „Wie ook al onder ons rustig is, en bereid om altyd reg te doen, hy is veilig teen die dissipline. En ook doen die meester dit nie om ons met slae en houe tot die studie van die lettere te trek nie, maar hy span hom in om ons veral deur hierdie dinge daartoe te lei, deur 'n eerbare en vrye behandeling, deur welwillendheid, menslikheid, gemaklikheid van omgang, weldade, tenslotte deur liefde tot deug en studie. Hieruit volg dat die grootste deel van ons so gesind is dat ons ons daarop toelê om van harte gehoorsaam te wees, op te let en eerbied te betoon" 1). Cordier moedig sy leerlinge aan om met die grootste vrymoedigheid na hom toe te kom met al hul moeilikhede. Solank hul versoeke redelik is en hul nie ontydig kom nie, is hul van 'n simpatieke ontvangs en vaderlike hulp en raad verseker. Hy moedig vryheid van onderlinge kritiek en vryheid van gesels in die ledige tyd aan, en staan dit selfs aan tafel toe, solank dit oor eerbare onderwerpe handel en nie met lawaai en twis gepaard gaan nie. Selfs die gebruik van die moedertaal is nie verbode nie; slegs vir diegene wat Latyn kán praat maar hardnekkig weier, is dit 'n oortreding. 'n Leerling wat nie met opset of uit slegtigheid sondig nie, wat sy skuld erken, en belowe om met die hulp van God die fout te vermy, ontvang geredelik vergiffenis 2). Vir vryheid om te speel of te wandel word ruim voorsiening gemaak 3). Dat Cordier geen asketiese onthouding, maar matigheid in die

---

1. Centuria Colloq., Coll. LXXX, pp.69-70.
2. Centuria Colloq., Coll. LXXXIV, p.75.
Cf. Coll. LXX, p.60.
3. ibid., Coll. XXXVII - XLII, pp.33-37.

gebruik van toelaatbare aardse genietinge bepleit het, blyk uit wat hy 'n student wat sopas uit Italië teruggekeer het, oor die wyn laat sê: "Hoe goed is die Here God wat ons liefgehad het tot op genietinge. Want nie alleen het Hy daardie dinge vir ons tot lewensonderhoud geskape, wat die aarde self oplewer nie, maar selfs soveel soorte van die aangenaamste dinge, wat, as ons dit met matigheid neem, en met dankbetuiging, beide ons liggame baie aangenaam voed en ons gees wonderlik opvrolik" 1).

Hoogs merkwaardig is die vertroue wat Cordier in sy leerlinge gestel het. Aan díe wat 'n gegronde rede het, staan hy geredelik verlof toe om huis-toe of sonder geleide stad-toe te gaan. Hy neem hul op hul woord, behalwe dié wat hom dikwels bedrieg het 2). Om die seuns so aan vryheid gewoond te maak, sê Doumergue, is 'n Protestantse metode, wat die mens probeer ontwikkel, om die Christen te laat uitkom, en wat die Christen wil laat groei om hom meer mens te maak 3). Inderdaad het niemand minder dan Christus self die edele voorbeeld van vertroue in die sondaar gestel.

Die sprekendste bewys van Cordier se vertroue in die leerlinge is die selfregering wat hy aan sy skool ingestel het. Die monitorstelsel 4) was reeds in Parys en in Duitsland, bv. in die skool van Trotzendorf, in swang; maar Cordier het dit in 'n nuwe gees toegepas. Dáár was die monitore blote spioene van die onderwyser; hier is hul hulp deur die onderwyser ingeroep om as ouer broers teenoor hul medeleerlinge op te tree. Hul is deur die onderwyser vir 'n maand aangestel, na oorleg met die beste leerlinge; hul is aan God verantwoordelik vir die uitoefening van hul pligte, maar mag daarom deste minder na willekeur

---

1. Centuria Colloq., Coll. C, p.101.
2. Centuria Colloq., Coll. LX1, LXX1 - LXXV1, pp.50, 60-63.
3. Doumergue : Calvijn's Jeugd, p.52.
4. Cf. Woodward : Studies in Educ. during the Renaissance, pp.161-2 en McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.134.

regeer. Hul vryheid bestaan in gebondenheid aan die gesag van God; en teenoor hul medeleerlinge moet hul strengheid met vriendelikheid en broederliefde paar. Om Christus ontwil hou die leerlinge toesig op mekaar en vermaan mekaar 1). Almal strewe daarna om God te gehoorsaam, nie uit vrees vir slae nie, maar om hul Allergoedertierenste Vader te behaag 2). Cordier laat sy leerlinge besef dat dit baie makliker is om voorskrifte van buite te leer as om hul uit te lewe, en dat hul moet worstel, veral deur die gebed, en met die goddelike en geestelike wapens van die Woord, onder die Leierskap van God Self, om daagliks vordering te maak 3).

Elke leerling staan dus persoonlik voor die aangesig van God; sy stryd is 'n persoonlike stryd. Die tug by Cordier is waarlik selftug. Deur vryheid wil hy sy leerlinge tot gehoorsaamheid lei.

(c) Die Metode.

Ook Cordier se metode staan sterk in die teken van vryheid. Met sy simpatieke insig in die behoeftes van die jeug, sê Woodward, het Cordier besef dat die verbod op die moedertaal in die omgang onvermydelik die denke van die leerlinge moes smoor en gesprekke steriel en kunsmatig moes maak 4). In die „Colloquia" wil hy hul daarom tegemoetkom deur voorbeelde van gesprekke oor die alledaagse lewe van die skoolseun in Latyn te gee. Die samesprake is egter nie bedoel om van buite geleer te word nie, maar slegs om gelees en herlees te word en as leidraad te dien. Die seuns moes Latyn leer deur dit te praat. Maar die moedertaal was nie absoluut verbode nie. Van elke seun is slegs sy beste verwag, nie die onmoontlike nie. Bowendien het Cordier hom uitsluitlik van van Frans as medium bedien - nie omdat hy 'n hoë dunk van die

1. Centuria Colloq., Coll. LXXXIX, p.82.
2. ibid., Coll. LXXXIV, p.76.
3. ibid., Coll. LXXXII, pp.72-3.
4. Woodward : Studies in Educ. during the Renaissance, p.161.

moedertaal gehad het nie, maar sodat sy leerlinge sy verklarings van die Latynse taal des te beter kon verstaan, des te minder gevaar sou loop om 'n geradbraakte taal te praat, en des te eerder in staat sou wees om suiwer Latyn te praat. Sy ideaal was dat hul selfs in die huis uitsluitlik Latyn moes gebruik. Ondanks homself het hy egter, deur sy suiwer Frans, by sy leerlinge 'n liefde vir die moedertaal ingeboesem, wat Calvyn beweeg het om selfs sy „Institusie" in Frans te skrywe 1). Cordier se metode van Latyn-onderwys was dus nie die direkte metode in die sin dat die leerlinge niks anders moes hoor en praat as Latyn nie, maar wel in die sin dat hul die taal moes leer deur dit te praat in plaas van deur grammatikareëls te leer.

Leerstof en metode is by die ouderdom van die leerlinge aangepas. Grammatika-onderwys is terloops in die lesse ingevleg. So gebruik Cordier byvoorbeeld in één samespraak al die verskillende vorme van „domus". Eers in die tweede boek (van die volledige „Colloquia Scholastica") word oor bekering gepraat. In die vierde word die Grammatika as bekend veronderstel, en word slegs etiese en dogmatiese vraagstukke behandel; maar deurgaans word dit by sake uit die alledaagse lewe aangeknoop, en sorgvuldig word alle dogmatiek wat vir die kinders te swaar is vermy 2).

Die inhoud van die gesprekke paar die diepste lewenserns met 'n fyn humorsin, byvoorbeeld waar Cordier vertel dat 'n leerling 'n kosbare Vergilius wat hy by 'n maat geleen het, vir 'n paar pennies verpand het 3)! Dit weerspieël 'n gees van opregte onderlinge belangstelling en kameraadskap onder die leerlinge en monitore, en openhartige vrymoedigheid teenoor die onderwyser, wat van 'n opgewekte, aangename, vrye skoolatmosfeer met voldoende „fun and good-fellowhsip" 4), spel en afwisseling

---

1. Doumergue : Calvijn's Jeugd, pp.54-5. Cf.Woodward : Studies in Educ. during the Renaissance, p.158.
2. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.600, 603-4.
3. Centuria Colloq., Coll.XI, p.12.
4. Buisson, F.E. : „Corderius" in Watson, F. : The Encyclop. and Dictionary of Educ., Vol.I, p.390.

getuig. Selfs as goeie leerlinge, wat tevredenheid gee, by hul skryfwerk sing, moet die onderwyser hul nie belet nie 1).

Deur so die opvoeding en die onderwys van die leerlinge te behartig, hul deur vryheid en gehoorsaamheid tot die vryheid in Christus en die gebondenheid aan God te bring, en aan die individualiteit van elke kind die maksimum vryheid waarvoor hy ryp is te vergun, sonder om hul in 'n keurslyf van dodende eenvormigheid te dwing, maar ook sonder om in die nodige toesig en leiding te verslap, het Cordier aangetoon hoe in die Calvinistiese skool die ewewig tussen vryheid en gesag bewaar moet word. Die gesag vorm die onmisbare hoeksteen vir die opvoeding, maar dwing homself nie af nie; die gesag respekteer die individualiteit van die kind. Die gesag wil in vryheid aanvaar wees om waarlik vry te maak. Vir hierdie bydrae alleen reeds verdien Cordier die ername, „baanbreker van die nuwere opvoedkunde" 2), „grondlegger van die laer onderwys" 3), „die ideaal van 'n professor" 4), „die pedagoog par excellence van die Calvinisme" 5).

'n Mens wonder of dit toeval is, dan wel die gevolg van eensydig-humanistiese geskiedskrywing, dat aan Vittorino da Feltre, die Renaissance-pedagoog, sy ereplek in die ry van groot opvoedkundiges toegeken is, terwyl Maturin Cordier, die model van 'n Protestantse opvoeder, tot vandag nog 'n betreklik onbekende figuur gebly het!

## 3. SAMEVATTING EN KRITIEK.

### (a) Die Doel.

By die Humanistiese opvoeding oorheers die opvatting van die natuurlik goeie mens wat in ongebondenheid tot volle ont-

---

1. Doumergue : Calvijn's Jeugd, p.52.
2. Doumergue : ibid., p.47.
3. Lefranc, A. : La Jeunesse de Calvin, Aangeh. deur Doumergue : ibid., p.47.
4. Quicherat : Histoire de Saint-Barbe, Aangeh. deur Doumergue : ibid., p.47.
5. Waterink : De Gesch. der Paed., p.598.

plooiing van sy individualiteit moet kom, om daardeur vryheid vir homself en onsterflike roem vir sy naam te verwerf. „Deur vryheid tot die vryheid!" Die doelstelling van die Reformatoriese opvoeding darenteen vloei voort uit die grondstellinge van die Hervorming: God is die Absolute Soewerein, die Bron van alle gesag; die Heilige Skrif is die Woord van God, en die enigste reël vir geloof en lewe; die mens word deur die geloof alleen geregverdig; en elke gelowige is persoonlik 'n profeet, priester en koning in diens van God 1). Uit hierdie beginsels volg dat die onsterflike siel van die sondige mens deur gehoorsaamheid en deur die vrymaking deur Christus tot onderwerping aan die Soewereiniteit van God en die gesag van Sy Woord en tot 'n lewe ter verheerliking van God, ook in die aardse beroep, gebring moet word, want slegs daardeur vind hy die persoonlike geluksaligheid, die ware vryheid vir sy gewete en die volste verwesenliking van sy persoonlikheid. Die vryheid dien dus die gesag as doel; en omgekeerd, die gesag dien die vryheid as doel.

(b) Die Opvoedeling.

Die Hervorming het 'n nuwe mensbeskouing gebring. Die humanistiese individualisme is deur die Protestantse personalisme 2) vervang. Uit homself is die mens niks, slegs klei in die hande van die Pottebakker; nogtans is hy kragtens die Verbond tot medearbeider van God geroepe, en vir die hemelse burgerskap bestem. Maar slegs deur persoonlike priesterskap kan hy hierdie erfenis deelagtig word. Die hoogste waarde van die mens lê in sy herborenheid tot mens van God. Uit die gebondenheid en nietigheid van die pottebakkersleem word die gelowige geroep tot die vryheid van die herborene in Christus. Met so 'n onoortreflik-verhewe opvatting van die persoonlikheid staan die humanistiese denkbeeld van die louter-menslike in skrille kontras.

---

1. Cf. Painter : Luther on Education, p.55.
2. Cf. Waterink : De Geschied. der Paed., pp.567 & 654.

Die middeleeuse teorie van die kerk se kollektiewe oordeel oör, en kollektiewe verantwoordelikheid vir die saligheid van sy lede het beteken dat die massa tot die onvryheid van onkunde gedoem was. Uit die nuwe reformatoriese leer van die algemene priesterskap van die gelowiges, en die besef dat elke individu, selfs „die domste varkoppaser", persoonlik die Bybel moet kan lees en sy lewe daarvolgens inrig, vloei in beginsel die noodsaaklikheid van 'n vrymakende, algemene volksopvoeding voort. Aanvanklik is algemene godsdienstige volksopvoeding bepleit, maar weldra ook sekulêre volksopvoeding; want die Protestantisme, wat die wêreldlike lewe hoër ag as die Katolisisme, het die hoë waarde van die mensesiel ook in sy aardse roeping erken. Wat meer is, van persoonlike deelname en verantwoordelikheid in godsdienssake tot persoonlike deelname en verantwoordelikheid in politieke sake was maar 'n hanetree; „the rise of democratic governments and the provision of universal education were the natural and ultimate corollaries, though not immediately attained, of the Protestant position regarding the interpretation of the Scriptures and the place and authority of the Church" 1). Hierdie sterk vryheidsinslag in die mensbeskouing van die Hervorming was 'n mylpaal op weg na die demokratisering van Wes- en Midde-Europa 2).

(c) Teorie en Praktyk.

Wend ons ons oog egter na die skoolpraktyk dan wag ons daar 'n teleurstellende skouspel.

(i) Skoolstigting.

Die edele beginsels, bv. van algemene volksonderwys en dus grootskaalse skoolstigting, wat in die Hervorming opgesluit gelê het, het eeue geneem om tot algehele verwesenliking te kom. Voor die hand liggende redes 3) hiervoor is: die algemene

---

1. Cubberley : The Hist. of Educ., p.307.
2. Barth : Die Gesch. der Erziehung, p.329.
3. Vide Adamson : A Short Hist. of Educ., p.141 Cubberley : The Hist. of Educ.,pp.351-3, Waterink : De Gesch. der Paed, p.632.

onrus en ontwrigting van die tye, die omverwerping van tradisies van 'n duisend jaar, die vernietiging van ou inrigtings, die gebrek aan voldoende nuwes, die gebrek aan onderwysers, opleidingsinrigtings en fondse vir die nuwe moedertaalskole, en die gebrek aan enige leidraad vir die praktyk. Voeg daarby nog die feit dat die dringendste behoefte nie soseer die onderwys van die massas (in die volkskool) was nie, maar wel die opleiding van godsdienstige leiers in die oorspronklike tale van die Bybel 1) (in die sekundêre skool), en dit word begryplik dat daar aanvanklik van die stigting van volkskole op groot skaal weinig tereg gekom het - nee, dat die aantal skole en die aantal leerlinge aanvanklik selfs skerp gedaal het 2). Die stryd van die sestiende en sewentiende eeue was in eerste instansie 'n stryd om godsdiensvryheid en godsdienstige verdraagsaamheid; die stryd van die sewentiende en agtiende eeue was 'n stryd om politieke vryheid en politieke regte; eers die neëntiende en twintigste eeue het algemene volksopvoeding verskaf. Negtans gee gesaghebbendes soos Cubberley 3), Waterink 4) en Barth 5) die Hervorming die eer dat dit die vader van die volkskool was. Parker en J.W. Adamson stel die bydrae van die Hervorming minder op die gebied van die volk<u>skool</u>, maar ontsaglik meer op die van die volks<u>opvoeding</u>, deur die prediking vanaf die kansel, aangevul deur huisonderwys en die lees van die Bybel met kanttekeninge in die moedertaal 6). Waterink wys verder nog op die fundamentele waarde van die Calvinistiese verbondsgedagte en die doopbelofte vir die volksopvoeding en -onderwys. Vir hom is die doopsformulier

---

1. Cubberley : The Hist. of Educ., pp.353-5.
   Parker : Hist. of Modern Elem. Educ., p.49.
2. Adamson : A Short Hist. of Educ., p.140.
   Parry : Education in England in the Middle Ages, p.244.
3. Cubberley : ibid., p.351 : „Out of the Protestant religious conception that all should be educated the popular elementary school of modern times has been evolved".
4. Waterink : De Gesch. der Paed., p.651.
5. Barth : Geschichte der Erziehung, p.328.
6. Adamson : ibid., p.135; Parker : pp.47,52.

'n dokument van geweldige pedagogiese betekenis 1). Foster is veral getref deur die verhaal van 'n sistematiese, selfopofferende beywering vir beter sosiale toestande, opheffing van gesondheid en sedes, versorging van siekes en armes, beskerming van die gemeenskap teen siektes en rampe, en veral vir die opvoeding van die jeug - kortom deur die verbasende sosiale sin en verantwoordelikheidsgevoel - wat uit die dokumente van die handelinge van stadsbesture, howe, kerkrade en sinodes in Calvinistiese lande spreek 2). As ons bedink dat so'n volksopvoeding juis die tyd ryp gemaak het vir die volkskool, dat die prinsipe van 'n algemene volksonderwys aanwesig was en net tyd nodig gehad het vir volle verwesenliking, dan skaar ons ons beslis aan die kant van diegene wat die Hervorming die vader van die volkskool noem. Ten spyte van aanvanklike agteruitgang in die voorsiening van onderwysgeleenthede, het die Hervorming 'n progressiewe vryheidsbeginsel t.o.v. skoolstigting bevat wat weldra die moeilike oorgangstadium ontgroei het, en vandag sy rype vrugte afwerp.

Besonder lewenskragtig het die Calvinistiese beginsel hom openbaar. Calvinistiese boeke en geleerdes, skole, kolleges en universiteite, sê Foster, het soos 'n intellektuele netwerk oor Europa en Amerika versprei en 'n enorme invloed op onderwys en denke uitgeoefen. Skotland vorm 'n treffende voorbeeld. Deur die onvermoeide ywer van Calviniste in alle openbare instansies „there was gradually worked out in Scotland in the sixteenth and seventeenth centuries a system of education which was religious, democratic, making education necessary and possible for rich and poor alike, from elementary to university, and probably as near to deserving to be called national as any system of the same period in an equal area" 3).

1. Waterink : Gesch. der Paed., p.651-4.
2. Foster : Calvinists and Education, in Monroe : Cyclop. of Educ., I, pp.492-3.
3. Foster, : ibid., p.495. Cf. pp.493-9.

(ii) Die Leerstof.

Ook wat die inhoud van die onderwys betref, stel die praktyk in die skole van die Hervorming gedurende die sestiende en sewentiende eeue oor die algemeen baie teleur. Duggan skilder die toestand wel erg donker as hy sê dat die formalisme van die humanistiese skole deur die Reformasie versterk is. "The catechism was added to the Latin Grammar as an instrument of torture upon the helpless schoolboy. To memorize it, as well as large parts of the gospels and epistles, was as necessary as to know by heart large portions of the classics .... The divorce from practical life in content of study (became) even more pronounced. As a rule, the Protestant school of the seventeenth century was a place of gloom and terror for childhood. The religious scholasticism differed from that of the thirteenth century in content but not in spirit" 1). Die leerstof in die laerskole was oor die algemeen tot in die agtiende eeu beperk tot godsdiensonderwys (Bybel en kategismus), lees en skryf, en soms rekene, en in Duitsland ook sang. Maar as Parker 2) hierdie leerplan in 'n jong volksplanting soos die Calvinistiese Massachusets, as „eng-godsdienstig" bestempel, en die engheid wyt aan die „engheid en asketisme van die Puritein" terwyl hy erken dat dit in Engeland, waar Puriteinse invloed tog seker nie oorwegend was nie, nog enger was, dan kom hierdie kritiek ons, vir 'n oorgangstydperk, tog onbillik voor. Paul Barth se ontleding van hierdie leerplan getuig van veel meer nugterheid en perspektief. In die invoering van 'n algemene volkskool wat naas godsdienstige ook sekulêre onderwys aanbied, sien hy 'n nuwe prinsipe van allesdeurdringende betekenis: nl. die erkenning van die hoë waarde van die mensesiel vir die aardse

1. Duggan : A Student's textbook in the Hist. of Educ., pp.139-40.
2. Parker : Hist. of Mod. Elem. Educ., pp.71-3, 88.

sowel as vir die hiernamaalse, en die begin van die mondigmaking van die individu vir die wêreldlike sowel as vir die kerklike lewe. Dit, sê Barth, was 'n mylpaal op weg na die demokratisering van Wes- en Midde-Europa 1).

Intellektuele engheid is vreemd aan die wese van die Hervorming. Dit onderskei hom enersyds van die middeleeuse eensydig-„jenseitige", andersyds van die humanistiese eensydig-„diesseitige" ideaal. Volle klem word, naas die ewige, op die aardse lewe, pligte, verhoudinge en wêreldlike regering gelê; en die natuur word as 'n arbeidsveld en studieveld vir die uitoefening van ons talente tot eer van God erken. Dit is geen toeval, sê Painter 2), dat die leiers van die moderne natuurwetenskap uit Protestantse lande kom nie. In besonder het die manne van die Calvinistiese Hervorming hulle onderskei deur hul kragtige stimulering van die vryheid van denke, hul gees van navorsing, en hul onwrikbare geloof in die oorwinning van die waarheid. Foster lewer 'n sterk getuienis: „However intolerant toward what he believed error, the Calvinist was 'not fearful of Knowledge'. He felt rather that 'the fearful estate is to flee from Knowledge'... 'Vigorous free thought' was stimulated by the appeal to reason and the consequent 'desire to investigate truth'..."; en hy sluit af met hierdie skitterende verdediging van die vryheid van die pers deur 'n Puriteinse digter-politikus: „Truth is strong next to the Almighty: she needs no policies, nor stratagems nor licencings to make her victorious" 3).

Samevattend was die bydrae van die Hervorming op die gebied van die leerstof kortliks dit: op die algemene volkskool is die beginsel van godsdienstige naas sekulêre onderwys ingevoer; en aan die kolleges en universiteite het die Woord van God die grondslag van alle wetenskap gevorm, maar die wetenskap is bestudeer

1. Barth : Geschichte der Pädagogik, pp.328-9.
2. Painter : Luther on Education, p.66.
3. Foster, H.D. : „Calvinists and Educ.", in Monroe : Cyclop. of Ed., I, p.493.

met die oog ook op 'n breë burgerlike, sosiale en ekonomiese vorming.

Nie knellende engheid nie, maar juis bevrydende ruimheid van blik, was die wesenlike kenmerk van die Hervorming.

(iii) Die Metode.

Individuele opsê van van buite geleerde stof het vir meer as twee eeue nog die heersende metode 1) in die laerskole van die Hervorming gebly. Daar was wel ses uur per dag skool, maar as daar twaalf leerlinge was, dan het elkeen maar 'n halfuur onderwys per dag gekry; die orige vyf en 'n halfuur moes hy stilsit, en leer! Dit was 'n geweldige tydvermorsing, ook vir die onderwyser, wat feitlik die hele skooldag net moes lesse aanhoor, penne sny en modelle skryf, vir elke kind afsonderlik.

Ook die toerusting was uiters gebrekkig. Skoolborde, gedrukte skrifmodelle, prente, aardbolle, landkaarte en leie was almal nog dinge van die verre toekoms in Amerikaanse laerskole.

Nogtans was die vryheidsbeginsel in kiem aanwesig by kerklike en opvoedkundige leiers. In die onderwysartikel in die besluite van die Sinode van Dordt (aangeneem op 30 Nov. 1618) word sterk daarop aangedring dat sowel die ouers in hul huiskatkisasie, as die onderwysers in die skool en die predikante in hul preke hul onderwys moet aanpas by die ouderdom, bevatlikheid, kennis en vordering van hul jeugdige opvoedelinge. Nie minder as ses keer word dié gedagte in die twee bladsye van Henry Barnard 2) se vertaling van die artikel uitgedruk nie.

Nêrens kom hierdie vryheidsbeginsel duideliker tot openbaring as juis in die beklemtoning en gevolglike opbloei van die moedertaal nie. Luther se vertaling van die Bybel, Calvyn se Franse uitgawe van sy "Institusie" en Tyndale se vertaling

---

1. Parker : Hist. of Modern Elem. Educ., pp. 88 et seqq.
2. "Handelinge van die Sinode van Dordt 1618-19", vertaal deur Henry Barnard in "American Journal of Education", Vol.V, pp. 77-78. Aangehaal deur Cubberley : Readings in the Hist. of Ed., pp.274-6.

van die Nuwe Testament het feitlik vaste vorm aan Duits, Frans en Engels respektiewelik gegee 1). Geen groot gebeurtenis in die geskiedenis, selfs nie die Renaissance, het nog ooit so sterk die verbeelding van die massas beetgegryp, dat hulle die behoefte gevoel het om te leer lees nie. Die Bybelvertaling was die spoorslag tot 'n ware leeswoede by die gewone volk 2). Die Hervormers het dus by die massa 'n sterk behoefte aan volkskole in die moedertaal geskep, en daarmee die grondslag vir hierdie soort skool gelê. In Duitsland was dit bv. in die stad die „Duitse Skool", en op die platteland die „kosterskool", later die „skoolmeester" se skool. En nie alleen in die volkskool nie, maar ook bv. in die Colleges van Cordier, het die moedertaal tot sy reg gekom.

Die in-ere-stelling van die moedertaal as medium sowel van die volksopvoeding, in Bybel, geskrif en erediens, as van die volksonderwys, was onteenseglik 'n magtige vryheidstendens in die Hervorming, wat die mensdom help bevry het uit die slawerny van onkunde en die tirannie van Latyn as enigste taal van kerk en skool. Ongetwyfeld hang dit saam met die ander ruimer vryheidsbeginsel: die erkenning van die natuur en behoeftes van die opvoedeling, soos ons dit veral in die skole van Cordier, waar ons die Protestantse opvoeding op sy beste sien, verwesenlik vind.

(iv) Die Tug.

Skokkende wantoestande ten opsigte van orde en tug het veelal nog die skoolpraktyk in die sestiende en sewentiende eeue beheers, onbeïnvloed deur die reformatoriese gedagte. Waterink haal 'n paar skilderagtige beskrywings van skooltoestande in Nederland uit hierdie tydperk aan. Hoewel hy hulle „ietwat

---

1. Cubberley : The Hist. of Educ., p.310.
2. Sien Cubberley : ibid., p.309-11.
Parker : The Hist. of Mod. Elem. Educ., pp.46-7.
Duggan : A Student's textbook in the Hist. of Educ., p. 134.

oordrewe" vind, meen hy tog dat hulle in die kern 'n juiste beeld gee. En as sulke toestande in één land voorgekom het, dan sien ons geen rede om aan te neem dat ander lande beter daaraan toe was nie. Valcooch se „Regel der Duytsche Schoolmeesters", wat in 1597 in Amsterdam verskyn het, gee ons 'n voorbeeld van die reëls wat nodig was om die ruwe sedes van die sestiende-eeuse skooljeug te bedwing: „Die der luyden Eenden smyten/ en beesten jaghen/... Die in d'anders drincken spout/ of op zijn eten treet/... Die malcander beworpen/ met snot vloyen/ en luys/... Wat Scholiers dees voorsz. puncten niet onderhouwen/ Sullen twee placken hebben/ of hen met roeden clouwen" 1). Nog skreiender was die „orde" - of die gebrek daaraan! - op 'n Amsterdamse matresseskooltjie, waarin 'n ou klug ons 'n kykie gee. Matres Grietje se hele „opvoedingswerk" bestaan in growwe skeltaal, beledigings en dreigemente, terwyl die ses dogters probeer om so min as moontlik van hul naaldwerk gedoen te kry 2). In hierdie omstandighede was die gebruiklikste strafmiddels die plak en die roede van wilgerlatte. Van hierdie „instrumenten van grouwelijcke torture" gee Schotel 'n minutieuse beskrywing: plakke, sommige selfs van gevlegte koperdraad en ysterpuntjies voorsien, roedes, géselpale, beenblokke en leerkussings vol spelde! „Niemand duidde het den meester kwalijk dat hy sloeg en trapte; of de knapen als pilaarheiligen met drie, vier

---

1. de Planque, P.A. : „Valcooch's Regel der Duytsche Schoolmeesters", aangeh. deur Waterink : De Gesch. der Paed., p.624.
2. Een kom om halftwee eers op skool met die ekskuus dat sy eers 'n boodskap moes doen, maar word deur die matres bejeën met: „Al logen... Voort! Voort! op je gat,... of 'k zel er met een excelente gard op komen, jou onschikte zwijnsvel.." As 'n ander een kom vra of sy „wel creys gaan kacken"mag, en 'n tweede „oock sukken nood" het, bars Grietje los met: „Loop, schijtwick loop, wat deuse kieren schijten, of men maer een duyt gaf voor een hiel roggenbrood". Vir een wat teëpraat heet dit: „Kort houme de beck"; vir een wat stilbly: „Spreek dan! je mond zel zoo lang duuren, as je gat zel". Enigeen wat weer oortree „die sel ik zo ongenadig giesle, al sou m'er bloet mit ien kraen uyt de naers tappen". Meegedeel deur Schotel, G, D.J. : „Het Oud-Hollandsche Huisgezin der zeventiende eeuw", aangehaal deur Waterink : De Gesch. der Paed., pp.629-30.

schoolborden... op de uitgestrekte armen boven op die tafel gedurende den ganschen schooltijd liet staan 1)". Sulke toestande skep die indruk van bandeloosheid aan die kant van die jeug, en gesagsmisbruik aan die kant van die opvoeders.

Slegs 'n dwaas sou egter die skuld vir die ontaarde tug-praktyk wat tot diep in die reformatoriese tydperk bly voortbestaan het, aan die Hervorming ten laste wil lê. Dit is juis die verdienste van die Hervormers dat hulle ver bokant die eng antroposentriese gesags- en vryheidsbeskouing van die Humanisme uitgestyg het, en beide die gesag en die vryheid van die mens nagespeur het tot by die uiteindelike Bron daarvan: nl. God. Uit God, die absolute Soewerein, spruit alle aardse gesag; voor Hom, die Selfgenoegsame, en Sy gesag, moet die doemskuldige mens hom onvoorwaardelik buig. Maar uit God, die allergoedertierenste Vader, spruit ook die hoogste menslike vryheid, die vryheid van die gewete. God eis geen slawediens nie, maar roep die mens tot vrywillge liefdediens. Die Christelike vryheid bestaan daarin dat die kind van God in sy gewete vrygemaak is van die dwang van die Wet, en hom in liefde aan 'n liefdevolle Vader wy. So word die vryheid van die gewete deur sy onderwerping aan die goddelike gesag geen geweld aangedoen nie. Ook wanneer die onderdaan voor 'n aardse gesaghebber buig bly sy gewete vry, want hy swig nie voor 'n mensekind nie, maar voor God self.

Die besondere betekenis wat hierdie verhewe opvatting van gesag en vryheid by die Hervormers vir die tug in die opvoeding het, word deur Prof. Coetzee raak blootgelê. Die onderwyser oefen in die skool 'n God-gegewe gesag oor die kind uit, maar sy gesag is nie absoluut nie. Enersyds is dit beperk deur sy eie verantwoordelikheid teenoor God, andersyds deur die vryheid en reg van die kind, en dié se verpligting teenoor God.

---

1. Schotel :"Het Oud-Hollandsche Huisgezin der zeventiende eeuw" aangeh.deur Waterink: De Gesch. der Paed., voetnoot p.627.

Elke mens ontvang van God gesag en reg, maar ook verpligting en verantwoordelikheid. Dus besit elke mens gesag en vryheid: hy is vry as gesagsdraer, maar gebonde as gesagsonderdaan. Die kind besit dus ook 'n reg en vryheid teenoor die onderwyser. As die gesag van die onderwyser in stryd met die Wet van God is, kan is die kind vry teenoor die leermeester, maar tog onderworpe aan die Wet van God. Daar is geen absolute vryheid vir die mens nie, slegs 'n vryheid onder die Wet van God, dit is vryheid onder die gesag 1).

'n Treffende harmonie tussen vryheid en gesag vind ons dan ook in die kenmerkendste tugmiddele wat deur die groot leiers en opvoeders van die Hervorming aanbeveel word. Luther, Calvyn en Cordier is eenparig in hul veroordeling van alle gesagsmisbruik en gewelddadige dwing in die opvoeding. Die maatreëls waarvan hulle heil verwag, naamlik vertroue in die kind (Calvyn en Cordier), die gebed van die opvoeder (Luther) en 'n stelsel van selfbestuur soos deur Cordier toegepas, is almal middele wat bereken is om die kind deur die vryheid van sy gewete tot selftug, tot vrywillige onderwerping aan die hoogste Gesag te bring, - en hom juis in hierdie onderworpenheid die hoogste vryheid wat vir die menseseiel bereikbaar is, te laat smaak.

## 4. DIE KONTRA-HERVORMING.

### 4.1. Grondgedagtes.

In felle vyandskap teenoor die Hervorming met sy vryheid van die gewete, roep Rome sy magte byeen om in 'n Kontra-Hervorming die bedreiging van sy absolutisme en universalisme die hoof te bied. Die vier vernaamste instrumente van die reaksie was: die pousdom, die mag van Spanje, en twee Spaanse instellings: die Inkwisisie en die Sosiëteit van Jesus. „The principle contended for and established by this reaction was absolutism as opposed to freedom - monarchial absolutism, papal

1. Sien Coetzee : Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, p.352.

absolutism, the repression of energies liberated by the Renaissance and the Reformation" 1).

Ons wil ons in hierdie afdeling veral by die Jesuïte bepaal, maar wil daarna tog ook die werk van Fénelon ondersoek.

Duggan, hoewel ons sy mening nie tot indetail onderskyf nie, skets die verskil tenminste helder as hy sê: „The principle of the Reformation had been the exaltation of the individual; that of the Jesuits was his suppression. The Reformation, tho it did not in fact adhere to the principle, had at least proclaimed the release of the individual from institutional control; the Jesuits demanded his complete subjection to institutional control" 2).

Inderdaad was Loyola baie sterk deur 'n universalistiese eenheidsgedagte besiel. Teneinde as 'n eenheidstelsel in alle lande van die wêreld te kan optree, se Hughes 3), was eenheid van administrasie, eenheid van metode (die Ratio Studiorum), eenheid van doel en eenheid van leer onontbeerlik. So'n eenheidsoptrede het 'n „onvoorwaardelike gehoorsaamheid" geëis, wat „noodwendig perke aan die vryheid van die individu" gestel het. Die grondbegrip van die Orde, wat by die stigting unaniem aanvaar is, was dan ook „the principle of religious obedience". Om 'n hegte eenheid te vorm „they must be united by a strict principle of subordination.... Obedience begets heroism of virtue; since the truly obedient man is most prompt to execute whatever duty is assigned him by one, whom, as by a religious act, he regards as being in the place of God, and signifying to him Gods will: wherefore obedience and heroism go together" 4). Dis nie sonder betekenis, meen Paul Barth, dat die leuse „tot groter gehoorsaamheid aan God" nou meer dikwels die gebruiklike „tot groter eer van God" vervang nie.

Die gesagsbeginsel in die Kontra-Hervorming is dus deur die

---

1. Symonds, J.A. : „The Renaissance" in Enc.Brit., Vol.19, p.129.
2. Duggan : A Student's Textbook in the Hist. of Educ., p.141.
3. Hughes : Loyola and the educational system of the Jesuits, pp.49, 141-3.
4. Hughes : Loyola, pp.48-9.

Jesuïte „aufs höchste gesteigert" 1). Laat ons ondersoek in hoeverre die vryheidsbeginsel ook nog 'n rol speel.

4.2. DIE JESUÏTIESE OPVOEDING.

(a) Doel.

Met „onvoorwaardelike gehoorsaamheid" as grondbeginsel verbaas dit ons nie dat die doelstellings van die Jesuïteskole volslae onder die skadu van die gesag staan nie. Geen enkele vryheidsligstraal breek hier deur nie. Hul doel was eenvoudig nie die vrymaking van die individu nie, maar juis sy onderwerping aan die kerk. „To proselyte for the Church rather than to liberalize - from their point of view there had been too much liberalizing already - was their ultimate aim, and their educational work was organized to suppress rather than to awaken more Protestant heresy", sê Cubberley 2). Vir hierdie doel moes jong leiers gekweek word wat vir hulle plig volkome toegerus is met die regte denk- en lewenswyse 3). Volksopvoeding; opheffing van die massa, het hulle ook nie beoog nie, sê Painter, daarom het hulle slegs op middelbare en hoër onderwys - die opleiding van leiers - gekonsentreer. Die massa kon gerus in onkunde bly. „It is a Jesuit maxim that ‚A few should be well educated; the people should be led. Reading and writing are enough for them'" 4)

In hierdie opset sou enige sprake van vryheid 'n wanklank gewees het. Inteendeel, die kenmerkende deug van die Jesuïet, soos ons reeds by Hughes gesien het, is volslae gehoorsaamheid aan sy Orde-owerhede, soos van „'n lyk wat hom oral-heen laat dra en hom op enige manier laat behandel". Die Rooms-katoliek, Rombouts 5), erken dat hierdie vergelyking mank gaan, maar verdedig dit as 'n bewys van „die hoë graad van volmaaktheid wat Ignatius in hierdie deug verlang het.... Die Jesuïtiese gehoor-

1. Barth : Geschichte der Erziehung, p.331.
2. Cubberley : The Hist. of Educ., p.340.
3. Sien Hughes : Loyola, p.143.
4. Painter : Luther on Education, p.50.
5. Rombouts : Historiese Pedagogiek, Deel I, pp.181-2.

saamheid is niks anders as die simpele konsekwensie uit die katolieke opvatting omtrent die gesag nie... As alle wettige gesag van God kom, is die voorskrifte van die owerheid Gods gebooie, solank hulle nie klaarblyklik daarmee in stryd is nie... Die Jesuïet hoef nie sy eie wil af te lê soos 'n lyk die lewe afgelê het nie, maar moet dit konformeer met die wil van God, soos dit deur die mond van die wettige gebieders geopenbaar word... (en) 'n gewillige werktuig in die hande van die owerstes wees. Daarin lê niks onterends, geen verkorting van die menslike persoonlikheid nie... (Inteendeel) dit is die edele selfoorwinning van die hoogste graad".

Hierdie Jesuïtiese leer, dat die orde-owerheid, vir die leerling dus sy onderwyser, die mondstuk van God is, en dat sy bevele en uitsprake onvoorwaardelik gehoorsaam en aanvaar moet word, het gedreig om al die heerlike vryhede 1) wat deur die Hervorming vir die gelowige verower is, eensklaps weer te vervreem. Wat die godsdienstige opvoeding betref beteken dit dat die priesterskap van die gelowige, sy persoonlike verhouding tot God, die vryheid van die persoonlik verligte gewete, die nuwe waarde van die persoonlikheid, die pluriformiteit van die kerk, die godsdienstige verdraagsaamheid - alles verbreek word, en dat die dwingelandy van 'n aardse middelaar herstel word.

Die Protestant, by name die Calvinis, erken ook die owerheidsgesag as Godverleende gesag; maar dáár is altyd nog twee weë oop teen gewetensdwang: die reg van appèl van die verdrukte voor die troon van God self in die persoonlike gebed, en die reg van opstand teen despotisme 2). Die gesag van die Jesuïtiese owerheid is onvoorwaardelik, dit duld geen twyfel, geen redenering en geen verset nie. Dit erken geen persoonlike gewetensvryheid van die leerling nie.

---

1. Sien bo, pp. 132-142.
2. Sien die gevleuelde woorde van Kuyper, bo p. 139.

McCallister 1) verwerp ook die onvoorwaardelike goddelike gesag van die onderwyser, maar op intellektualistiese gronde. „A teacher has no other title to obedience than that which he gains by appealing to his pupils' reason and intelligence. It is in the harmony of the pupils' reason and obedience that freedom is found.... There is only one thing that convinces any man of error or truth - the light of his own reason... It is the only light that can show up the final path of religious obedience". Godsvrug en deug word egter nie deur 'n beroep op die rede bereik nie, maar wel op die gewete. Vryheid van die intellek is onskatbaar, maar vryheid van die gewete is 'n nog oneindig hoër vryheid. Die intellektualis, sê die Katoliek Willmann 2) egter tereg, maak nie versigtig genoeg onderskeid tussen wete en gewete nie.

(b) Inhoud.

Uit 'n studie van die inhoud van die Jesuïtiese leerplan blyk veral onmiskenbaar hul byna slaafse gebondenheid aan menslike gesag. Op die terrein van die teologie is Thomas Aquinas deur Oppergeneraal Acquaviva as dié absolute gesag verklaar 3). Onderwysers wat van die leringe van Aquinas of van die erkende leermeesters van die katolieke kolleges afwyk, of „(who are) inclined to innovating opinions or exhibit too liberal a spirit", moet ontslaan word 4). Pynlik is gewaak teen enige nuwerwetse gedagte, of enige afwyking van die erkende gesag. „Even when no danger to faith and piety is involved, no one, in subjects of any importance, shall bring forward, without previous consultation with the authorities, new questions or any opinion which is not held by some reputable author, nor present any views contrary to the teachings of the doctors and against the general

---

1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., pp.138-9.
2. Willman : Didaktik als Bildungslehre, p.301.
3. Hughes : Loyola, p.148.
4. Painter : Great Pedagogical Essays, p.189. Cf. Hughes : ibid., p.148.

view of the existing schools. Rather shall they all follow carefully the approved teachers and cling to that which through long years has been especially accepted in Catholic academies 1).

Hierdie erkende eenheid van die leerstof word voorgeskryf op grond van twee argumente: (1) „that the sifting of many opinions, by the varied and multiplied activity of many minds, leaves a residue of matter, quite solid enough to support a compact and reliable system of teaching; (2) that ... such 'a residue' is nothing else than the basis of truth, divine and eternal" 2). Die Protestantse kerke beskou ook hul belydenisskrifte as die vrug van gelowige besinning oor die Bybelwaarhede, maar dit word nie aangedien as „divine and eternal" of onfeilbaar nie - nie eens as die absolute belydenis van dié waarheid nie 3). Die Jesuïte verhef menslike formuleringe te maklik tot die ewige, onveranderlike, goddelike waarheid.

Die enigste vryheid van denke wat toegelaat word is die vryheid om nuwe skerpsinnige argumente na vore te bring ter bevestiging van ou erkende waarhede, of ter bestryding van ketterye. Slegs 'n uiters beperkte veld van ondergeskikte onderwerpe word dus oopgestel vir disputasie. Die hoofsake bly onaantasbaar. McCallister sê tereg dat in so'n stelsel waar „the results of thinking" vooraf noukeurig voorgeskrywe word, „there is no clear place for the intelligence... or for the search for truth coûte que coûte. The denial of these in the interests of religious obedience would for many souls be the death both of obedience and religion" 4). Godsdienstige waarhede wil in die vryheid van die geloof aanvaar wees, nie deur die dwang van voorskrifte geforseer word nie. Dit is niks minder as gewetensdwang nie. Ook skyn dit of daar 'n kloof gebring is tussen die private opinie en die amptelike optrede van die

---

1. Painter : Great Pedagogical Essays, p.194.
2. Hughes : Loyola, p.228.
3. Cf. Kuyper, supra, p. 138.
4. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.139.

Jesuiet, wat die ingryping in sy gewetensvryheid nog meer opvallend maak. Persoonlik mag hy dink wat hy wil, amptelik moet hy dink wat voorgeskryf is. „Whatever a man may think privately, and be free to think, in matters of mere opinion, the genius of education imposes limits on the manner and matter of his actual teaching" 1).

Alles wat die Jesuïet mag leer en dink is dus vir hom voorgeskryf. In die teologie was Aquinas dié gesag, in die filosofie weer Aristoteles. So onaantasbaar was die gesag dat selfs die Fisika van Aristoteles tot in 1832 in swang gebly het. Van die ontwikkeling van die natuurwetenskap onder Galileï en sy navolgers is vir tweehonderd jaar lank geen notisie geneem nie. Dit toon die verstarring waartoe so'n onbuigsame gesagstelsel noodwendig moes lei.

(c) Metode.

Die onderwysmetodes van die Jesuïtekolleges toon 'n veel minder ongelyke verdeling tussen gesag en vryheid. Drie van hul metodiese beginsels staan vol aan die gesagskant: (1) die praelectio: mondelinge voordrag en verklaring deur die onderwyser, (2) memorisering deur die leerlinge, „even to the exclusion of reasoning" en (3) die bekende stelsel van herhaling en hersiening, onder die leuse: „Repetitio mater studiorum" 2). Voeg daarby dat die moedertaal vanaf die tweede jaargang verbode was, ook buite die skool 3), en dit word haas onbegryplik hoe die Jesuïte met soveel dorre drilwerk soveel belangstelling by hul leerlinge kon wek en so'n aangename gees in hul skole kon skep.

Die geheim was eerstens hul indirekte, vrywillige, sy dit dan ook ekstrinsieke motivering deur middel van wedywer en beloning: in individuele kompetisie tussen 'n leerling en sy

---

1. Hughes : Loyola, p.143.
2. Graves : A Hist. of Educ., Deel II, p.217.
3. Barth : Geschichte der Erziehung, p.336.

spesiaal-aangewese aemulus, sowel as klaskompetisies tussen twee centurio bv. „Rome" en „Karthago". Dit was dus 'n beroep op hul eersug, want die pryse vir die oorwinnaar was 'n hoogs- begeerde eer. Wedywer, onderskeidingstekens, ens. verbloem die dorheid van die skoolwerk. Hughes, self 'n Jesuïtiese Vader, verdedig die beginsel as volg: „In the dry course of virtue and learning, satisfaction of this kind is not excited in the young, without a sign, a token, a badge, a prize. Then they feel happy in having done well, however little they enjoyed the labor before" 1). Beloning is hier die prikkel om vrywillige motivering te wek. Dis meer van 'n vryheidsmiddel as straf of vrees, maar tog nog slegs ekstrinsiek. Suiwer intrinsieke motivering sou dit wees wanneer die wedywer nie, in McCallister 2) se woorde, as 'n „panacea for the inherent dryness of educational work" gebruik word nie, maar as „a means of arousing the pupil's deepest desires for excellence in the performance of pleasurably toned tasks". Alleen sou ons wil vra, waarom juis „pleasurably toned tasks"? Die kind kan selfs die moeilikste, droogste werk interessant vind, mits sy „deepest desires for excellence" daarin gewek word. McCallister vlug vir die flater van die formele dissipline wat leer dat werk opsetlik moeilik gemaak (of gehou) moet word om opvoedkundig waardevol te wees; maar hy loop gevaar om in die fout van die „sagte pedagogie" te verval, nl. dat slegs aangename werk interessant kan wees. Daarteenoor herinner die Amerikaanse Christenpedagoog, Horne, ons dat „effort 'through the acknowledgment of duty" may be worthwhile in itself and even lead eventually to interest", soos bevestig word deur die getuienis van medici en psigiaters soos Dr. Joseph Collins „that the development of a stable personality depends upon such virtues as obedience, self-denial, and the recognition of authority, -

1. Hughes : Loyola, p.90.
2. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.138.

virtues that are alien to the doctrine that discipline comes from doing only what is interesting" 1). Die Jesuïte was hier nader aan die waarheid in hul poging om selfs moeilike studies aangenaam te maak, sonder om dit te vergemaklik; want hul offer nie die gesag van die plig aan die vryheid van die genot op nie. Vader Roothaan (1832) het hier 'n beginsel gehuldig wat teenoor die suikerpedagogiek van sommige moderne opvoedkundiges weer sterk beklemtoning verdien, nl. dat deur die neiging om die metodes steeds makliker en makliker te maak feitlik die vernaamste vrug van die kind se onderwys opgeoffer word, t.w. „accustoming himself from an early age to serious application of mind, and to that deliberate exertion which is required for hard work" 2). Ons beswaar is alleen teen die oordrewe gebruik van wedywer, eersug en beloning as prikkels. Eersug het ons reeds by die bespreking van die Humanisme 3) veroordeel as 'n gevaarlike middel; beloning moet waarlik beloning bly, 'n toegif ná gedane goed, nie 'n doel op sigself word nie. Dan adem dit nie die vryheidsgees van ware intrinsieke motivering nie.

McCallister 4) maak ook nog beswaar teen die kompetisiegees wat in so'n „unhealthy comparison of the self with others" gewek word. Die moderne opvoeding strewe na samewerking in plaas van wedywer. Sonder om die euwels van ongesonde wedywer te vergoeilik kan ons gerus bedink dat ons nou al etlike jare ondervinding het van die uitskakeling van kompetisie op skool, en ons afvra of die kompetisie met eie vorige prestasies in plaas van met dié van mede-leerlinge 'n ongemengde seën is, en of dit wel „teen die natuur" is om die geldingsdrang van die kind in gesonde, vriendskaplike, sportiewe wedywer ook binne die skool, soos daarbuite, te erken 5). Soos op die Jesuïteskole

---

1. Horne : The Democratic Philosophy of Education, p;174.
2. Hughes : Loyola, p.291.
3. Sien bo, p. 101.
4. McCallister : The Growth of Freedom, p.138.
5. Cf. „Die Volksblad", 9 Junie 1951, Inleidingsartikel.

toegepas, het die beginsel van wedywering stellig tot selfverheffing, sug na vertoon, afguns, bitterheid ens. aanleiding gegee 1). Ander vryheidskenmerke van hul metode moet dus die grootste krediet vir hul sukses wegdra.

Die ware geheim van die aangename gees op hul skole vind ons in hul tweede vryheidsbeginsel: die buitengewoon simpatieke en allesins prysenswaardige verhouding tussen leerling en onderwyser, waarop ons in die volgende paragraaf terugkom. Die doeltreffendheid van die Jesuïteskole is 'n bewys van wat gedoen kan word, selfs met 'n droë, kunsmatigveraangenaamde metode, mits 'n liefdevolle, simpatieke verhouding tussen onderwyser en leerlinge bestaan. Die weerliefde van die leerling, die agting en eerbied vir 'n geliefde onderwyser, is een van die magtigste innerlike dryfvere, wat selfs die knellendste bande van 'n oninteressante metode in heerlike vryheid kan omtower - 'n vryheid in liefdevolle toewyding aan die draer van die gesag.

(d) <u>Die Tug</u>.

Niks is soseer „belaster en befabel" nie, sê die Katoliek Rombouts 2), as die skooldissipline van die Jesuïte, bv. wanneer dit voorgestel word as 'n terugkeer na die Middeleeuse ideaal van „blinde gehoorsaamheid" of „onvoorwaardelike onderwerping aan gesag". Ten opsigte van die doel en inhoud van hul opvoeding is sulke beskrywings nie ver van die waarheid af nie. By die tug self, egter, die sedelike opvoeding, moet ons geredelik erken dat daar uit die duister van 'n buitengewoon streng dissipline die flonkering van 'n aantal vryheidsterre van eerste grootte ons helder toestraal.

Reeds uit die vyf vernaamste middele vir die sedelike opvoeding, wat Ribadeneira 3), vriend en biograaf van Loyola, noem,

---

1. Sien Duggan : A Student's Textbook in the Hist. of Educ., p.146.
2. Rombouts : Hist. Pedagogiek, Dl. 1, p.203.
3. Hughes : Loyola, pp.102-3.

blyk dadelik dat vryheid 'n belangrike plek naas gesag inneem : (1) Godsdiens, (2) die uitroeiing van die „vices of boyhood", (3) die organisering van die seuns in groepe en spanne met offisiere uit hulleself, (4) ererange en onderskeidings as beloning vir goeie gedrag en deug, (5) en by uitnemendheid die godsdienstige vereniging, die Maria-kongregasie, waartoe slegs „the most studious and virtuous among the youths" toegelaat is, en uit wie se geledere die leiers op ander gebiede weer getrek is.

Onder die middele in die Jesuïtiese tug wat 'n uitgesproke gesagskarakter dra, noem ons eerstens die godsdiens, waardeur aan die kind 'n gedragskode voorgehou word waaraan hy hom behoort te onderwerp. Maar deur die godsdiens kan die kind juis tot die hoogste vryheid, die vrymaking deur Christus, gelei word. Inderdaad het die Jesuïtiese onderwysers, bv. deur hul vermaning tot daaglikse ondersoek van die eie gewete 1), probeer om die harmonie tussen vryheid en gesag te bewaar. Veel sterker blyk die blote gesag uit hul berugte toesig 2) - die „nooit-onderbroke bewaking" of die „kliksisteem", soos dit volgens Rombouts „belaster" word. Die Prefek moes 'n groep „openbare sensors", één vir elke klas, aanstel om saam met hom toesig te hou oor die gedrag, bywoning ens. van die ander leerlinge gedurende pouses en ná skool, en aan hom te rapporteer (of verklik!). Bowendien was dit hul beleid, volgens Vader Hughes 3), om die seuns gedurig besig te hou met tuiswerk en selfstudie - gedurende skoolure, skoolpouses, tuis en selfs op vakansiedae, waarvan daar baie min was - „that (they) be deterred from roaming about to their hurt"; om in die klas „absolute stilte en aandag te eis; en om hul gedrag noukeurig te bepaal deur 'n stel van vyftien reëls en voorskrifte (bv. geen swaarde, dolke of messe skooltoe

1. Painter : Great Pedagogical Essays, p.201.
2. Hughes : Loyola, p.257 en Painter : Great Ped. Essays, p.200.
3. Hughes : ibid., pp.255-7.

bring nie; hulle weerhou van vloek, leuens, verbode spele, gevaarlike plekke, en alles wat met reinheid en sedelikheid in stryd is).

'n Byna meganiese stiptheid in die gehoorsaming van bevele is geëis; as 'n klokteken lui moes die leerling sy pen onmiddellik neerlê, sonder om selfs die letter te voltooi 1). Daar was 'n luiaardsbank, en lyfstraf is toegepas, hoewel slegs by uitsondering, en dan nooit vir swak vordering nie, net vir slegte gedrag; nooit deur 'n onderwyser nie, maar altyd deur 'n korrektor 2), 'n buite-persoon, wat spesiaal vir die doel aangestel is. Dis duidelik dat wreedheid en ruheid uit hierdie tugstelsel geweer is; maar dis ook net so duidelik dat onder so'n strenge toesig en so'n menigte van reëls, die leerling se vryheid tot die uiterste aan bande gelê is. As hy dan geen kwaad gedoen het nie, was dit nie noodwendig omdat hy nie wou nie, maar ook omdat hy eenvoudig nie kon nie. Die waarde van so'n goeie daad is verlore, want die ware sedelikheid vind ons eers daar waar die goeie in vryheid verrig word 3). Omdat die Jesuïtevaders hierdie waarheid nie ingesien het nie, het hul hul lede met reëls probeer reghou. Hulle erken self dat hul orde meer reëls en wette het as enige ander, maar regverdig dit op grond van twee argumente: (1) „The perfection of doctrine, like the perfection of moral life, stands in need of many aids; en (2): Aristoteles en Aquinas „are both of opinion that as few points as possible should be left to the private opinions of a judge, and as many as possible should be determined by the clear definition of law" 4). Wat 'n geweldige verskil is daar tussen hierdie standpunt en Christus se samevatting van die hele Wet en

---

1. Barth : Geschichte der Erziehung, p.331.
2. Sien Painter : Great Ped. Essays, pp.200-1.
   Graves : A Hist. of Educ., II, p.219.
3. Sien Gunning : Verzamelde Paedagogische Opstellen, Bd.II, p.164
4. Monumenta Germaniae Paedagogica, Vol.V,pp.103 en 45 v.,
   Hughes : Loyola, pp.206-7.

die Profete in twee kort gebooie! Paul Barth 1) merk dan ook op dat die Jesuïtisme die gees van 'n godsdiens van die wet adem, netsoos die Middeleeuse Katolisisme, terwyl uit die Protestantisme die gees van 'n godsdiens van die hart, die gesindheid, straal.

Nogtans, ten spyte van hierdie wettiese gees en streng gesag, tref ons in die Jesuïtiese tug eersterangse vryheidstendense aan. Naas die reedsgenoemde beroep op eie gewete 2) in die godsdienstige opvoeding en die prikkeling van die eergevoel deur 'n stelsel van ererange en onderskeidings as beloning vir goeie gedrag en deug 3), was daar veral die lidmaatskap van die vereniging van die Sodaliste, die Maria-kongregasie, wat as hoogste onderskeiding gegeld het, en wat deur Hughes beskou word as een van die grootste geheime van die suksesvolle beheer van die Jesuïte oor hul leerlinge en van die goeie moreel wat in hul skole geheers het. Hierdie gees van eensgesindheid beskou hy as die vrug van hul „membership in the Sodality of the Blessed Virgin Mary, a religious association which is most highly commended in the Ratio Studiorum... and into which none are admitted save the most studious and virtuous among the youths ... The literary and scientific "academies" were recruited only from the Sodality. Thus, by a double process, an aristocracy of virtue and talent was created among the students themselves, tending not only to the maintenance of order, but to the active development of all those qualities which an educational system most desires" 4). So'n skool vir leierskap voldoen voorwaar aan al die vereistes vir „arousing the pupil's deepest desires for excellence" 5) in die volvoering nie net van „pleasurably toned tasks" nie, maar ook van die moeilikste en verantwoordelikste

---

1. Barth : Gesch. der Erz., p.336.
2. Sien p.184.
3. Sien p.184.
4. Hughes : Loyola, pp.257-8, 103.
5. McCallister : The Growth of Freedom, p.138. Sien kommentaar op Voetnoot 2), p.181.

pligte van die jong leier.

Voeg hierby nou nog die simpatieke, innemende, ja verowerende, vaderlike, waardige persoonlikheid van die onderwyser, en ons het 'n tweede vryheidspilaar - volgens Rombouts 1) selfs die vernaamste - waarop die sukses van die Jesuïte-opvoeding berus het. Selfs Voltaire, wat sewe jaar lank leerling van 'n Jesuïteskool was, getuig van sy bewondering en hoë agting vir sy leermeesters 2). Hughes skryf hierdie „magisterial ascendancy" toe aan die hoë intellektuele prestasies van die onderwysers en die vaderlike liefde waarmee hul die harte van die jeug gewen het. Die standpunt van die Jesuïtevaders was dat „the will cannot be chained; it will not submit to restraint. You can win it, but not subjugate it" 3). Reeds in die sestiende eeu het Bader, die provinsieleier van Bo-Duitsland, gesê: „Let not the Prefects consider their authority to consist in this, that the students are on hand in obedience to their nod, their every word, or their very look; but in this, that the boys love them, approach them with confidence, and make their difficulties known" 4). Dit ly geen twyfel dat hierdie liefdevolle, ouerlike, eerbied-waardige persoonlikheid van die onderwyser een van die magtigste faktore in die Jesuïteskole deur die eeue was nie - en ook vandag nog selfs Protestantse kinders na Rooms-Katolieke skole trek. Hier is vryheid en gesag op die innigste verweef.

Juis daarom egter bestaan die gevaar dat selfs hierdie vryheidsmiddel tot dwingende gesagsmisbruik aanleiding kan gee, nl. as die oormagtige persoonlikheid van die onderwyser die individualiteit van die kind so oorskadu dat die volgsame kindernatuur tot 'n karikatuur van die bewonderde opvoeder vergroei.

---

1. Rombouts : Hist. Pedag., I, p.205.
2. Hughes : Loyola, p.105.
3. Hughes : ibid., p.107.
4. Bader,G.: Monumenta Germaniae Paedagogica, Vol.ii, Pachtler, p.411. Aangehaal deur Hughes : ibid., p.108.

(e) Samevatting en kritiek.

Samevattend kan ons sê dat vryheid en gesag in die Jesuïtiese metode en tug vrywel gelykop geweeg het, maar dat die strekking van hul opvoedingsdoel en -inhoud onvoorwaardelike onderwerping aan gesag geëis het. 'n Redelike ewewig tussen vryheid en gesag het dus sommige aspekte van hul stelsel gekenmerk; in ander het absolute gesag oorheers tot uitsluiting van alle vryheid. Die ideale verhouding tussen vryheid en gesag in die opvoeding kan nie gevind word solank sommige terreine van die opvoeding onder die alleenheerskappy van slegs een van die twee staan nie.

Bowendien wek die vryheid van die Jesuïtiese opvoeding die indruk dat dit slegs 'n skynvryheid is - by die metode slegs 'n „solvent of drudgery", soos McCallister sê; by die tug slegs 'n berekende stuk diplomasie, byna 'n lokaas, om die kind „te vang" en deste hegter aan die absolute gesag van die owerhede, by name die Kerk, te bind. By die Hervorming was daar 'n opregte belangstelling in die kind as individu, en sy persoonlike heil; by die Jesuïte was die kind nie veel meer as een van die massa wat die instrument moes wees om die mag van die kerk te bestendig nie. Vryheid is hier slegs 'n middel in diens van die gesag; die ware vryheid van die opvoedeling behoort, naas die onderwerping aan gesag, sy ereplek onder die opvoedingsdoelstellings in te neem.

Dabney se slotsom is dan ook: „The order of the Jesuits was anti-democratic, and was founded to uphold authority, and to antagonize the right of private judgment". Daarom, hoewel hulle met 'n wonderlike organisasie en 'n onvermoeide ywer die Katolieke wêreld vir twee eeue beheers het, „they were utterly unable to crush the spirit of doubt and inquiry" 1). Hul het

1. Dabney, R.H. : The Causes of the French Revolution, p.203. Met instemming aangehaal deur Cubberley : The Hist. of Educ., p.344.

nie tred gehou met die ontwikkeling van die wetenskap nie. Hul moes noodwendig weldra agterraak en verstar.

Bindende gesag het in hul stelsel die laaste woord gevoer - 'n gesag wat nóg die vryheid van denke, nóg die vryheid van die gewete erken het. Tiperend is die oordeel van DS.J.H. Landwehr oor die „verderflike" moraal van die orde, by name deur hul leer van die probabilisme, waarvolgens „elke daad van die mens goed is... wanneer 'n aansienlike kerkleraar die handeling met sy woord dek, afgedag of die gewete van die handelende persoon ook daarteen getuig. Deur hierdie probabilisme word die senuwee van waaragtige sedelikheid afgesny, want, al wat nie uit die geloof is nie, dit is sonde volgens die Heilige Skrif" 1).

## 4.3. FRANCOIS FÉNELON (1651-1715)

Fénelon se opvoedingsteorie staan in skerp teëstelling tot die onderdrukkende gees van die Katolieke skole van sy tyd, en openbaar 'n nuwe vryheidsgees reeds daarin dat hy 'n goeie opvoeding vir meisies bepleit. Sy skool, „Die klooster vir Nuwe Katolieke" in Parys, was naamlik, as deel van die Hugenoteverwolging in Frankryk, 'n instelling vir die gedwonge bekering van Protestantse vrouens en meisies tot die Roomse geloof 2). In so'n doelstelling was daar vanselfsprekend geen plek vir vryheid nie.

Wat sy praktiese metode en tug betref, het Fénelon naam gemaak as die „sagsinnige bekeerder"; maar wanneer die bekering nie spoedig genoeg gevolg het nie, was hy in sy eer aangetas en het hy nie ontsien om ook deur verfynde strafmiddels hul wil te breek nie 3). Die onderwys in sy eie skole het selfs in die tyd waarin hy sy hoofwerk, „Die Opvoeding van Meisies", geskrywe het, „dogmaties en asketies van aard" 4) gebly. Sy

1. Landwehr, Ds.J.H. : „Jezuïten in Christelijke Encyclop., Deel III, p.165.
2. Schreuder : inleiding tot „Fénelon : De Opvoeding van Meisjes", p.viii.
3. Schreuder : ibid., p.ix.
4. Graves : A Hist. of Educ., Vol.II, p.234.

onderwyspraktyk het dus in die teken van gesag, selfs dwingende gesag, gestaan.

Daarteenoor word vryheid en gesag in sy opvoedingsteorie op meesterlike wyse verbind. Die opvoeder moet hom ten doel stel om die kindergees te oorreed, en opregte liefde tot die deug te wek 1). In sy metode moet hy hom daartoe bepaal om die natuur te volg 2) deur toevallige, onopsetlike onderwys, genoeg vryheid vir spontane, ongedwonge spel, en aangename speelmetodes. Die groot fout by die opvoeding is dat al die verveling by die leerproses is en al die genot by die ontspanning. „Laat ons die reël omdraai en die leerproses aangenaam maak en dit onder die skyn van vryheid verberg" 3). Bybelverhale moet aantreklik en aanskoulik voorgestel word. „Dwing nooit die kinders om na die verhale te luister nie; laat die genot hier alles doen" 4).

Ook in die tug pleit hy vir vryheid en vertroue. Vriendskappe met edel, navolgenswaardige persone sal die ideaal naderbring; die kind moet van jongs af „baie vry gelaat word in die openbaring van sy neiginge"; soms moet kleiner afwykinge eenvoudig oor die hoof gesien word; „hoe minder vaste reëls hoe beter"; as hy goed doen moet hy geprys word, sonder vleiery 5). Dwang en vrees en onverbiddelikheid verongeluk die sedelike opvoeding. „Ook al sou dit u geluk het om deur strengheid hul te dwing om al u voorskrifte in ag te neem, dan sou u u doel nog nie bereik het nie; gedwonge vorme sou u verkry het, huigelaars gevorm miskien; afkeer van die goeie sou u gewek het, „waarvoor u hulle juis liefde wou ingeboesem het" 6).

Hierdie vryheid beteken egter nie dat die opvoeder sy „oë moet sluit vir allerlei buitensporighede" nie. Inteendeel, ouers

1. Fénelon : De Opvoeding van Meisjes, p.81.
2. Fénelon : ibid., p. 10.
3. Fénelon : ibid., pp.20-1. Onderstreping deur my.
4. Fénelon : ibid., p.35.
5. Fénelon : ibid., pp.26, 27, 28.
6. Fénelon : ibid., p.17.

moet altyd sorg „dat hulle die gesag in hande hou, om te kan straf, want daar is karakters wat alleen deur vrees te regeer is" 1). Met vrees is dit egter „soos met die sterk medisynes wat by hewige siektes gebruik word; hul werk suiwerend, maar bring die hele gestel in gevaar...; om 'n siel deur vrees te lei, maak hom steeds swakker". Daarom moet straf altyd slegs 'n laaste toevlug wees, en dan moet dit vergesel (wees) van alle omstandighede wat skaamte en berou in die kind kan opwek. „Bewerk dit so dat hy homself veroordeel en gewillig die straf dra, wat u dan so lig as moontlik maak"2). Met hierdie tugmetodes doen Fénelon waarlik 'n beroep op die rede en die gewete van die kind, sodat sy diepste innerlike begeerte gewek word om die goeie te doen en hom vrywillig aan die gesag te onderwerp. So het hy die ewewig tussen vryheid en gesag probeer bewaar.

Fénelon het dus in sy opvoedingsteorie nog 'n veel groter plek as die Jesuïete vir vryheid in sy metode ingeruim, deur die kind se behoefte aan spontane spel en genot te erken; en in die tug veel minder strengheid en bewaking, meer vertroue en gewetensvorming bepleit. Nogtans voel 'n mens ook hier 'n leemte in die kwaliteit van die vryheid; dit word beskou as 'n blote middeltjie wat die opvoeder maar neerbuigend, uit simpatie met die swakheid van die kind, moet aanwend om hom tot onderwerping aan die gesag te bring. Veral by die metode val dit op dat die leerproses „onder die skyn van vryheid verberg" moet word. Daar is geen sprake van om die kind, behalwe „tot gehoorsaamheid" ook „<u>tot</u> vryheid" op te voed nie.

## 4.4. <u>SLOT</u>.

Hoewel aan beide vryheid en gesag 'n belangrike plek toegestaan word, is die oplossing wat die kontra-Reformatoriese opvoeding vir ons vraagstuk bied, baie onbevredigend.

---

1. Fénelon : De Opvoeding van Meisjes, p.17.
2. Fénelon : ibid., p.19.

Eerstens val dit op dat daar geen ewewig tussen gesag en vryheid is nie. Gesag voer alleenheerskappy oor die doel en die inhoud; vryheid verskyn eers naas gesag by die metode en die tug. Hieruit blyk duidelik dat vir die Kontra-Hervorming vryheid slegs 'n middel is om die gesag te dien. „Gehoorsaamheid deur vryheid" is dus hul leuse (- grotendeels selfs nog die middeleeuse „Gehoorsaamheid deur gehoorsaamheid"!). Daar is egter ook nog 'n ander kant van die saak: Vryheid deur gehoorsaamheid, wat ons by die Protestantse Hervorming vind. Vryheid moet ook as 'n doel erken word: die verwesenliking van die waarlik vrye sedelike persoonlikheid. Hierdie vryheid word bereik deur aanvaarding van die wet, dus deur gehoorsaamheid aan die gesag. Hier is die gesag dus die middel wat die vryheid as doel dien. En die hoogste trap wat hierdie vryheid kan bereik is die sielevryheid van die vrygemaakte deur gelowige oorgawe aan Hom Wie se naam is: Koning van die konings. Hier is dus 'n tweede leemte in die Kontra-Hervorming se oplossing. Om vryheid ook as 'n opvoedingsdoel te erken was totaal vreemd aan hul hele onderdrukkende gesagstelsel.

'n Derde leemte lê in die interpretasie wat hul aan die begrippe „gesag" en „vryheid" heg. Aan „gesag" kleef daar by hulle steeds die element van die onfeilbaarheid van kerk en pous, wat heel maklik oorgedra word op orde- en ander owerhede 1). Die Protestant verwerp hierdie „onfeilbaarheid" en toets alle gesag aan die vryheid van sy rede, en, wat meer is, van sy gewete, onder die inspraak van die Heilige Gees, in onderworpenheid aan geen ander gesag as dié van Gods Woord alleen nie 2). Hul „vryheid" bly 'n halwe vryheid - slegs 'n middel, nooit 'n doel nie.

G.B. Adams gee op treffende wyse die verskil tussen Protestantisme en Rooms-Katolisisme ten opsigte van vryheid weer. Die

---

1. Sien bo, p. 175.
   en p. 176.
2. Sien bo, p. 133.

Hervorming, sê hy, het 'n groot stoot aan die vryheid van denke gegee. Op hierdie punt bestaan die grootste skeidsmuur tussen die Protestantse en die Rooms-Katolieke vorme van die Christendom. Geen intelligente Protestant kan ooit sy reg prysgee om aan dié teologiese mening wat vir hom persoonlik die redelikste lyk vas te hou nie. Ewe onmoontlik is dit vir die Katolieke Kerk om sy grondstelling prys te gee, nl. „that a correct theological belief is a necessity of the Christian faith, and that the church is able, under especial divine guidance, to determine which of two varying theological opinions is the only correct one, and has the right to require all men to believe this alone if they would be counted Christians. Authorities of the Roman Catholic church may say much ..... upon their sympathy with free thought, but their definition of free thought must always remain different from that which prevails in the Protestant world. The qualification is always expressed or implied that freedom is not license, and that true freedom consists in submission to legitimate authority - terms, again, which must be interpreted from the Roman Catholic point of view. The Catholic church can never abandon its claim to determine what particular thought it is which shall be free, without abandoning the one most essential thing which distinguishes it from the Protestant" 1).

Die leuse waaronder die tug beoefen is, was dus gedurende die Middeleeue: „gehoorsaamheid deur die gehoorsaamheid" 2); vir die Humanisme: „Vryheid deur die vryheid" 3); vir die Hervorming „Gehoorsaamheid deur vryheid", maar ook omgekeerd „Vryheid deur gehoorsaamheid" 4). Vir die kontra-Hervorming op sy beste was dit weer hoogstens net: „Gehoorsaamheid deur vryheid".

---

1. Adams : Civilization during the Middle Ages, Voetnoot, pp.440-1.
2. Sien bo p. 65.
3. en 4. Sien bo, p. 164.